

Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 21, No. 2

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Mar & Apr 2021 *Tomorrow's World*-tydskrifte



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

Het u die boodskap gemis?

Hoe beskryf u die *Wêreld van Môre* aan 'n buurman wat nie vertrou is met hierdie tydskrif nie? Dit is beslis nie soos *Time*, *National Geographic* of *Sport Illustrated* nie, maar dit is ook nie soos die meeste godsdienstige publikasies nie. U het sekerlik teen hierdie tyd al 'n verskil gesien, maar verstaan u *waarom* dit anders is? Waar kom ons vandaan? Wat is ons doelwitte?

Die *Wêreld van Môre* berig oor en ontleed wêreldnuus, maar kies polities nie kant nie. (Tog word ons soms daarvan beskuldig – deur *albei* kante van die politieke spektrum – want waarheid is waarheid, dit maak nie saak waar dit vandaan kom nie!) Ons praat baie oor Bybelprofesieë, maar maak nie daarop aanspraak om profete te wees nie. Ons skryf oor die Christelike lewe as 'n beter lewenswyse en waarsku teen gedrag wat niks anders as hartseer en verdriet meebring nie.

Nog 'n belangrike verskil wat ons van byna alle ander publikasies onderskei, is dat ondanks die feit dat dit 'n tydskrif van hoë gehalte is, word die *Wêreld van Môre* gratis weggegee. Daar word geen betaalde advertensies in die bladsye daarvan gevind nie. U sal nooit sien dat ons boeke, T-hemde of koffiebekers verkoop nie en ons gee al ons boekies, DVD's, CD's en ander materiaal gratis weg. Dus, wat baat óns daarby? Waarom doen ons dit? Wat is ons opdrag?

Ons boodskap en opdrag

Ons by die *Lewende Kerk van God*, wat hierdie tydskrif asook die *Tomorrow's World*-televisieuitsending borg, neem die Bybel baie ernstig op. Dit is waarom ons nie die Waarheid verkoop nie (Spreek 23:23; Mattheüs 10:8) en daarom is ons boodskap anders. Neem alle “Christelike” kerke dan nie die Bybel ernstig op nie? Onderrig hulle nie *almal* wat dit sê nie, net vanuit verskillende perspektiewe?

Ek is bevrees my vriende, dat u teleurgesteld sal wees omdat die ware feite van hierdie saak, verwys na die rede vir die warboel waarin ons wêreld vandag is. Die waarheid is nie betwisbaar nie, ten spyte van die akademië se beste pogings om ons en veral ons jeug, anders te oortuig. Die absolute fisiese waarheid is die rede waarom ons met vliegtuie kan vlieg en morele waarheid is net so absoluut – nie onderhewig aan die onvoorspelbaarheid van menslike opinie nie.

Die Skrif toon duidelik wat ons opdrag behoort te wees. Jesus het Sy dissipels beveel: “Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom” (Markus 16:15). Dit klink eenvoudig genoeg, maar wat is die “Evangelie” wat Jesus Sy volgelingen aangesê het om te verkondig?

Die Bybel is gevul met hierdie boodskap wat deur byna niemand verstaan of verkondig word nie.

Predikers het die ware Evangelieboodskap vervang met een oor die Persoon van Christus en 'n goedkoop soort genade. Sodoende ignoreer hulle die boodskap wat Jesus Self vir meer as drie jaar voor Sy dood, begraving en opstanding verkondig het.

Christus se offer is 'n *deel* van die Goeie Nuus, maar nêr so is die *boodskap* 'n *deel* van wat Hy voor Sy kruisiging verkondig het. Min mense is selfs bewus van Sy boodskap, maar die *Wêreld van Môre* verkondig daardie boodskap van die Koninkryk van God wat binnekort op die aarde gevestig sal word!

In daardie Koninkryk sal Jesus "... Koning wees oor die hele aarde" (Sagaría 14:9). Koning Dawid wat uit die dood opgewek sal word sal oor die hele nasie van Israel heers (Eségiël 34:23-24; Jeremia 30:9) en die twaalf Apostels wat uit die dood opgewek is, sal op twaalf trone sit en die twaalf stamme van Israel oordeel (Matthéus 19:28). Ons verstaan dat diegene wat waarlik aan Christus behoort by Sy Wederkoms, heerskappy oor stede gegee sal word (Lukas 19:15-19).

Dit alles verklaar waarom die Skrif vir Jesus die Koning van die konings en die Here van die here noem (Openbaring 19:16). Ware Christene van hierdie tydperk sal daardie konings en here wees oor wie Hy sal heers! Waarom is dit dat mense hierdie duidelike stel-

Vervolg op bladsy 27

Inhoudsopgawe

Voorblad

Persoonlik – Het u die boodskap gemis?

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

Hoofartikel

Die sewe wette van sukses 3

In ons onstuimige tye mag mislukking onvermydelik lyk, maar sewe beproefde beginsels kan ware sukses binne ons bereik plaas!

Sal u moeilike dinge doen? 8

Die moderne lewe bied aan ons baie meer gemak en gerief as ooit tevore, maar om moeilike dinge te doen kan 'n mens se lewe verander.

Maria: Dame van alle nasies 11

Het die heidense tradisies van mense die ware moeder van Jesus Christus beswadder en haar vals voorgestel?

Die hoop wat bestaan vir die afgestorwenes 15

Vrees u oordeel, wedergeboorte of vergetelheid nadat u gesterf het? U behoort te weet wat die heerlike en hoopvolle waarheid is.

Behoort u dalk u "eie Bybel te maak?" 24

Kan die woorde van menslike digters en filosowe die waarheid in die Bybel oortref?

Gereeld

Vrae en Antwoorde 23

Behoort ons te probeer om ongelowiges te bekeer?

Besoek ons webwerf by:

www.wvm.co.za

of vir Engelse literatuur:

www.tomorrowworld.org

Wêreld van Môre

Hoofredakteur

Gerald E. Weston

Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

Kuns Redakteur

John Robinson

Besturende Redakteur

Wallace Smith

Streeksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

Streekskantore

VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
www.tomorrowworld.org

AUSTRALASIË:

PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6288
Faks: (61) 8 8127 9667

KANADA:

P.O. Box 409
Mississauga, ON L5M 0P6
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

VERENIGDE KONINKRYK:

Box 111, Berkeley Square
London, W1J 5FJ
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016
Harrismith, FS 9880
Tel: 058 622 1424
Faks: 086 607 7398

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

Die sewe wette van sukses

Deur Richard F. Ames

In 'n wêreld van toenemende ekonomiese probleme en onsekerheid oor die toekoms, is daar eenvoudige en praktiese stappe wat u kan neem om ware sukses in die lewe te behaal. Dit is noodsaaklik dat u hierdie belangrike beginsels ken en toepas!

Miljoene mense het hulle werk verloor as gevolg van die Coronavirus-pandemie. Sommige van hulle het pas met hulle loopbane begin toe die pandemie ons getref het; ander mense was gevestig in vooruitstrewende beroepe wat gelyk het asof dit 'n grondslag vir 'n leeftyd van sukses is. Daarna is hulle verwagtings egter deur 'n ongekende ekonomiese en sosiale krisis verydel.

Hoe het mense gereageer? Sommiges het hulle tot dobbelary gewend. Aanlyn-speletjies wat reeds 'n groot bedryf was, het in gewildheid toegeneem terwyl mense vir weke en maande in “inperking” deurbring het en nie veel buite hulle huise kon doen nie. In die Verenigde Koninkryk het een verslag bevind dat virtuele sportweddenskappe in 2020 met 88% toegeneem het in vergelyking met dieselfde maand in 2019 (*“The pandemic has triggered a British online gaming crisis,” Wired.co.uk, 4 Desember 2020*).

Het al hierdie dobbelary sukses meegebring? Nee! 'n Paar mense het geld gewen, maar baie meer van hulle het verloor en baie mense het die slagoffers van dobbelverslawing geword. Die Nasionale Raad vir Probleemdobbeldary het gewaar-

sku dat “mense wat aan dobbel verslaaf is erger deur die pandemie geraak kan word” (*“Online Gambling, Gaming Addiction Has Increased During COVID-19,” Healthline.com, 18 November 2020*).

Rykdom is 'n baie algemene maatstaf vir sukses en dit was vir baie mense moeilik om dit tydens die pandemie te bereik. Hoe definieer u egter sukses en hoe hanteer u mislukking? In hierdie artikel sal ons kortliks kyk na een beproefde stel beginsels om ware sukses te behaal – beginsels wat my persoonlik gehelp het, asook baie ander mense wat ek ken.

Wat is sukses?

Die meeste mense het al van die uitvinder Thomas Alva Edison gehoor. Met meer as 1,000 Amerikaanse patente onder sy naam, word groot vooruitgang aan hom toegeskryf met betrekking tot tegnologieë wat wissel van elektriese beligting tot batterye, klankopname en rolprente. Natuurlik het nie elke eksperiment van Edison die resultate opgelewer wat hy verwag het nie. Hoe het hy egter sy pogings beskou? Hy het eenkeer aan 'n moedelose kollega gesê dat selfs na letterlik 'n duisend mislukte eksperimente op een projek, “laat ek

myself nooit toe om moedeloos te raak nie ... ons het met sekerheid geleer dat dit nie op daardie manier gedoen kan word nie en dat ons 'n ander manier moes probeer. Ons leer soms baie uit ons mislukkings indien ons die beste poging aangewend het waartoe ons in staat was” (*“Why Do So Many Men Never Amount to Anything?,” American Magazine, v. 91, 1921, bl. 89*).

Voordat God hom tot die bediening geroep het, was ons voorganger in die werk van die *Wêreld van Môre*, mnr. Herbert Armstrong, 'n tyd lank 'n suksesvolle sakeman – maar soos miljoene ander mense het sy sakeloopbaan in duie gestort met die ineenstorting van die aandelemark in 1929 en die Groot Depressie van die dertigerjare. Vir 'n tyd lank het dit gelyk asof hy in sy pogings waarna hy gestreef het, misluk het, maar God sou steeds kies om hom kragtig te gebruik. Later in sy lewe terwyl hy oor die jare se uiteenlopende ervarings nagedink het, het hy 'n boekie saamgestel wat hy *“The Seven Laws of Success”* genoem het. Duisende mense – dalk miljoene mense – het hierdie wette in hulle eie lewens toegepas en sukses behaal wat hulle nooit voorheen gedink het moontlik

was nie. In hierdie artikel sal ons kortliks hierdie sewe belangrike beginsels ondersoek wat u kan gebruik om u lewe te verander!

Die koning wat “alles gehad het”?

In die Bybel word melding gemaak van een magtige man wat die uiterstes van oordaad ondersoek het in sy begeerte om sukses te vind. Israel se antieke koning Salomo het daarna gestreef om die lewe “ten volle” te ervaar.

Salomo was 'n ingenieur wat besproeiingstelsels ontwerp het en 'n musikant wie koor-groepe en simfonie-orkeste saamgestel het. Hy het as koning groot skatte van silwer en goud besit. Hy het geskryf: “Ek het slawe en slavinne gekoop en ook dié verkry wat in my huis gebore is; ek het ook 'n groot besitting van beeste en kleinvee gehad, meer as almal wat voor my in Jerusalem gewees het. Ek het vir my ook silwer en goud versamel, en 'n eiendom van konings en provinsies; ek het vir my sangers en sangeresse verskaf en die genoeëns van die mensekinders: lieflinge in menigte. En ek het groot en altyd groter geword bo almal wat voor my in Jerusalem gewees het; ook het my wysheid by my gebly” (Prediker 2:7-9).

Hy het selfs 700 vrouens en 300 byvroue gehad. Het hulle hom egter sukses en blywende geluk besorg? Nee! Sy vrouens het hom uiteindelik oorgehaal om valse gode te aanbid, wat 'n verskriklike straf tot gevolg gehad het.

Deur dit alles heen het Salomo sy wysheid behou om na te dink oor wat hy met sy feesvierings bereik het. Wat het hy gevind? “En alles wat my oë begeer het, het ek hulle nie ontsê nie; my hart het ek van geen enkele vreugde teruggehou nie, want my hart het hom verheug vanweë al my moeitevolle arbeid, en dit was my deel van al my moeitevolle arbeid. Toe het ek gekyk na al my werke wat my hande tot stand gebring het, en al die moeitevolle arbeid wat ek verrig het – en kyk, dit was alles tevergeefs en 'n gejaag na wind, en daar was geen voordeel onder die son nie” (Prediker 2:10-11).

Wat van u? Kan u uit Salomo se voorbeeld leer en sy foute vermy? Is u op soek na die regte soort sukses – op die regte plekke en op die regte maniere? Sommige van die sewe wette hieronder is beginsels van gesonde verstand, maar dit lyk asof baie mense nie gesonde verstand het nie! Moontlik pas u alreeds vier of vyf van hierdie beginsels toe, maar u mag dalk verbaas wees om te ontdek watter groot voordele u kan geniet indien u dit alles toepas. Laat ons dus elkeen van die sewe wette kortliks bespreek.

Die eerste wet: Stel die regte doelwit

Doelgerigte mense stel lang- en korttermyn doelwitte en hulle verbind hulle daartoe om alles te doen wat hulle redelikerwys kan doen om die doelwitte te bereik en stel enigiets ter syde wat hulle aandag dalk mag aflei of vlugtige

plesier wat met hulle pogings kan bots.

Israel se antieke koning Salomo het baie doelwitte bereik, waarvan sommige hom tydelike bevrediging gegee het. Soos ons egter hierbo gesien het, het hy besef dat daardie doelwitte nie blywende waarde en sukses tot gevolg gehad het nie. Hy het sy strewes “nietigheid” genoem – 'n “gejaag na wind” sonder *blywende* waarde. Wat sal aan u blywende geluk en ware sukses gee? In hierdie tydskrif deel ons die ware en kosbare waardes wat in u Bybel geopenbaar word. Wat is dus die grootste doelwit in die lewe? Wat is *u* persoonlike doelwit in die lewe?

In Mattheüs 6 sê Jesus vir ons dat ons ons nie hoef te bekommer oor kos en klere nie. Hy herinner ons daaraan dat as God voedsel vir die voëls van die lug voorsien, hoeveel te meer sal Hy kos vir Sy kinders gee. Jesus sê dat al die noodsaaklikhede waaroor ons ons bekommer, ondergeskik aan die belangrikste doel van alles is. Jesus sê: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Mattheüs 6:33).

Ja, om die regte doelwit te stel, lewer vir ons ware sukses indien ons al sewe van die wette van sukses nakom. Geagte Leser, ons korttermyn doelstellings behoort ons boonop te help om ons uiteindelige doel te bereik – die Koninkryk van God!

Die tweede wet: Berei uself voor

Watter kennis het u nodig om u doel te bereik? Watter voorbereidings moet u tref? Indien u 'n beroep as vakman kies, sal dit waarskynlik nodig wees om as 'n vakleerling te werk voordat u 'n ambagsman kan word. Baie beroepe benodig ten minste 'n kollege-opleiding of dalk 'n gevorderde graad. Meer as ooit tevore is dit nodig dat ons ons kennis vermeerder om net by ons doelwitte te kan hou.

U behoort nooit op te hou leer nie, maar u moet ook seker maak dat dit wat u leer, *waar* is. In die boek Spreuke lees ons dat ware kennis begin met 'n eerbied en ontsag vir God as die Bron van wysheid en kennis. “Die vrees van die HERE is die beginsel van kennis; sotte verag wysheid en tug” (Spreuke 1:7). Weer: “Die beginsel van die wysheid is die vrees van die HERE, en kennis van die Heilige is verstand” (Spreuke 9:10).

Is u besig om in wysheid toe te neem? Groei u in die genade en kennis van Jesus Christus (2 Petrus 3:18)? Ons Verlosser is die sleutel tot ware Christelike sukses! Om u doel te bereik, is dit nodig dat u uself opvoed en voorberei om daardie doel te bereik, ongeag of dit fisies of geestelik is. U het God se wysheid en kennis nodig!

Die derde wet: Handhaaf goeie gesondheid

Hoe gesond is u? Het u energie en krag om hard te werk om iets te bereik? Ons moderne omgewing kan sêlf skadelik wees vir

ons gesondheid. Ons verwag in elk geval besoedeling in ons lug, water en voedsel. Dit is dikwels moeilik om voedsel van hoë gehalte en suiwer drink-water te vind – ons moderne dieet is beslis nie wat God vir mense bedoel het nie. Nietemin kan en behoort ons almal te probeer om gesonde eetge-woontes te handhaaf.

Benewens 'n goeie dieet, is oefening belangrik. Die Bybel beklemtoon die geestelike dimensie in ons lewens, maar noem ook dat liggaamlike oefening lonend is (vgl. 1 Timótheüs 4:8) en sê dat ons die verantwoordelikheid het om God met ons liggame te eer (vgl. 1 Korinthiërs 6:20).

Ander gesondheidswette behels die handhawing van 'n positiewe en rustige gemoed en om ongelukke te vermy. U sal u doelwitte meer effektief en meer doeltreffend kan bereik indien u fisies fiks is. U kan ons insig-gewende boekie *Bybelse Beginsels van Gesondheid* lees vir meer inligting oor hoe u goeie gesondheid kan ontwikkel wat God vir u wil hê. U kan dit aanlyn lees by wvm.co.za of u eie gratis gedrukte eksemplaar bestel by u naaste streekkantoor soos aangedui in hierdie tydskrif.

Die vierde wet: Plaas druk op uself

Mnr. Armstrong het dit die “allerbelangrikste” wet genoem. Dit is nodig om druk op onself te plaas om aan die gang te kom. Die boek Spreuke gee 'n kragtige illustrasie aan ons:

“Gaan na die mier, lui-aard, kyk na sy weë en word wys! Hy wat geen aanvoerder, opsigter of heerser het nie, maak sy brood klaar in die somer, bêre sy voedsel weg in die oestyd. Hoe lank, lui-aard, sal jy bly lê, wanneer sal jy opstaan uit jou slaap? Nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie hande-vou om uit te rus! So kom dan jou armoede soos 'n rondloper en jou gebrek soos 'n gewapende man” (Spreuke 6:6-11).

Behoorlike rus is noodsaaklik vir gesondheid, maar God waarsku teen luiheid! In hierdie geval hou die mier aan om 'n klein korreltjie kos of sand op 'n slag te beweeg en bereik baie oor 'n lang tydperk. Ons het almal energie en 'n doel nodig. Dit is nodig om onself te dissiplineer om effektief te werk.

Die vyfde wet: Pas vindingrykheid toe

Dink hieraan as die “nood”-wet. Miskien lyk die pad na u beplande loopbaan of doelwit duidelik en gelyk. Die lewe bring egter dikwels onverwagte struikelblokke mee. U kan dalk skielik finansiële- of gesondheidsprobleme ondervind. Wat sal u doen?

Ondersoek altyd u opsies. Watter bronne is beskikbaar? Watter metodes of individue kan van hulp wees? Die eerste stap in enige ernstige nood geval is

God se hulp te vra.

Toe Jesus op die water na Sy dissipels geloop het, wou die apostel Petrus dieselfde doen. Jesus het dus vir Petrus gesê: “Kom!” Nadat Petrus uit die skuit geklim het, het hy op die water geloop om na Jesus te gaan. Hy het egter bang geword toe hy die sterk wind sien en hy het toe begin sink. Hy het uitgeroep en gesê: “Here, red my!” (Matthéüs 14:29-30).

Ons kyk dikwels na dit wat voor die hand liggend is wanneer ons in die moeilikheid is. In hierdie geval het Petrus vinnig om hulp geroep. Wat het Jesus gedoen? “En Jesus het dadelik sy hand uitgesteek en hom gegryp en vir hom gesê: Kleingelowige, waarom het jy getwyfel?” (Matthéüs 14:31).

Vra God om u uit u penarie te help. Maak egter seker dat u ú deel doen en benut al die beskikbare hulpbronne. Moenie net opgee nie. Vra vir wyse raad. “Planne misluk sonder beraadslaging, maar deur die veelheid van raadgewers kom dit tot stand” (Spreuke 15:22).

Die sesde wet: Volhard in u doel

Behou altyd u deursettingsvermoë – “klou daaraan vas”, soos mnr. Armstrong dit beskryf het. Tydens die Tweede Wêreldoorlog, toe die toekoms vir Brittanje somber gelyk het, het premier Winston Churchill op 29 Oktober 1941 by die Harrow-skool gepraat. Hy het sy gehoor geïnspireer om te volhard en gesê: “Dit is sekerlik die les uit hierdie periode van tien maan-

de: Gee nooit moed op nie, gee nooit moed op nie, nooit, nooit, nooit, nooit – in niks, groot of klein, belangrik of nietig – gee nooit op nie behalwe ter wille van oortuigings van eer en goeie verstand. Moet nooit voor die oënskynlik oorweldigende mag van die vyand swig nie. Ons het 'n jaar gelede heeltemal alleen gestaan en vir baie lande het dit gelyk asof dit verby was met ons”. Die geskiedenis toon aan dat die volgehoue volharding van die Britte en hulle bondgenote uiteindelik tot groot oorwinning gelei het.

Diegene wie op God se roeping reageer, is in 'n geestelike wedloop terwyl ons volhard op die pad na ons finale doel. “DAAROM dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Vol-einder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het” (Hebreërs 12:1-2).

Pas die sesde wet van sukses toe. Hardloop die wedloop met uithouvermoë of “volharding” soos die *1933 Afrikaanse Vertaling* dit noem. Gee nooit moed op nie! Hardloop die wedloop van die lewe met deursettingsvermoë. Soos Jesus Christus ons belooft het, “... wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word” (Matthéüs 24:13).

Die sewende wet: Soek voortdurend God se leiding

U mag dalk vra: “Hoe kan ek God se voortdurende leiding hê?” Die eenvoudige antwoord is dat dit nodig is om tot Hom te bid – deur Hom te erken! Let op hierdie wonderlike belofte: “Vertrou op die HERE met jou hele hart en steun nie op jou eie insig nie. Ken Hom in al jou weë, dan sal Hý jou paaie gelykmaak” (Spreuke 3:5-6).

God belooft dat Hy aan ons paaie sal aanwys en ons deur die lewe sal lei om ons menslike potensiaal en uiteindelijke bestemming te bereik. Ons moet egter daagliks bid en ons moet volgens Sy onskatbare beloftes optree. “Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik” (Jesaja 55:6-7). Soos wat u begin bid en namate u u hele lewenswyse begin verander na God se Weg na ware sukses, sal Hy u vergewe deur die Verlosser van die wêreld, Jesus Christus. God het belooft dat Hy Hom oor u sal ontferm en u sal vergewe indien u u bekeer en Hom soek.

Wanneer u by 'n kruispad kom, wanneer u voor besluite te staan kom, bid en vra dat God se wil in u lewe sal geskied. Hy het belooft om u te lei en met u te wees. Soos Jesus aan ons belooft het: “Ek sal jou nooit begewe en jou nie verlaat nie” (Hebreërs 13:5).

Ware geluk kan aan u behoort!

Namate u hierdie sewe beginsels van sukses toepas en as gevolg daarvan *ware* sukses ervaar, sal u God se seëninge geniet. God wil hê dat ons gelukkige, oorfloedige lewens sal lei, maar heeltemal te veel mense maak die fout om geluk as 'n doel op sigself te soek en raak gefrustreerd. Ware geluk is 'n neweproduk van iets anders. Wanneer ons lewens betekenis het – 'n doel – vind ons geluk wanneer ons daardie doel

nastreef. U hoef nie ryk te wees soos koning Salomo om egte waardes en 'n ware doel in u lewe te hê nie. Soos die skrywer Dennis Prager geskryf het: “'n Verlies van waardes en betekenis is die twee grootste bronne van ongelukkigheid ... arm mense wat 'n doel het, kan gelukkig wees, maar welgestelde mense wat nié 'n doel het nie, kan nie gelukkig wees nie” (“*Without Meaning You Can't Be Happy*,” *NationalReview.com*, 28 Januarie 2020). Watter gróter doel kan daar wees as om die

Koninkryk van God en Sy geregtigheid te soek (Matthéüs 6:33)? Geen sukses kan groter as dit wees nie!

Geagte leser, ek moedig u aan om al sewe hierdie beginsels van sukses toe te pas. Indien u dit doen, sal u die ware, oorfloedige lewe vind wat Jesus beloof het: “Ek het gekom, dat hulle lewe en oorfloed kan hê” (Johannes 10:10). Dit is die lewe wat God u sal gee indien u u daartoe verbind om eers die Koninkryk van God en Sy geregtigheid te soek. **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 22 – Nuwe gode, nuwe sondes

Griekse gode wat in jaloesie en spyt kibbel, doen hierdie valse gode dieselfde. Wetenskaplike studies wat byvoorbeeld nie met die gevolgtrekkings van seksuele wetteloosheid saamstem nie, word as haatlik en onakkuraat bestempel – nie op feitelike gronde nie, maar op ideologiese gronde. Selfs binne die individuele gelowe wat deur hierdie “nuwe gode” in die lewe geroep word, is daar interne twis en konflik. Sommige van die driftigste en lelikste debatte wat 'n mens op die internet vind, is dié onder feministe en voorstanders van geslagsidentiteit.

Die antieke bedrieër

Hierdie “nuwe gode” is egter ouer as wat hulle mag voorkom. Elkeen is 'n verskynsel van 'n heel ander soort valse god, 'n werklike wese wat al lank hier op aarde regeer: Satan, die duiwel.

Die apostel Paulus noem hom “die god van hierdie wêreld” en verduidelik hoe Satan taktiek soos hierdie valse gode en afgode van die hart gebruik om mense se aandag af te lei van die Waarheid wat die *ware* God wil hê

hulle behoort te verstaan: “Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, *naamlik* die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie” (2 Korinthiërs 4:3-4).

Sedert die duiwel vir Eva verlei het om van die boom van die kennis van goed en kwaad te eet en Adam sy vrou se leiding geredelik gevolg het deur dieselfde te doen, vertrou mense op hulle eie filosofieë, regeringstelsels en aannames oor die wêreld rondom hulle, in plaas daarvan om gelei te word deur die God wat hulle geskep het en wat 'n doel met hulle het. Vandag se “nuwe gode” is bloot die nuutste voorbeelde van 'n misleide mensdom se misplaaste vertroue in ons eie dwaasheid.

Die almagtige God

Gelukkig het God ons nie aan sulke dwaasheid oorgelewer nie.

Hy *sal* Jesus Christus na hierdie aarde terugstuur om alle

dinge te herstel en die Koninkryk van God in te lui – die enigste *ware* hoop vir die mensdom. In die lig van daardie Koninkryk sal die “nuwe gode” beoordeel en te lig bevind word, net soos in die geval van die valse gode van Egipte toe die Almagtige die kinders van Israel bevry het.

Die wetenskap sal na sy natuurlike plek terugkeer namate wetenskaplikes hulle Gode-gewe denke gebruik om die wêreld wat Hy geskep het te verken en te verstaan. Seksuele wetteloosheid sal eindig namate manne en vroue die riglyne volg wat bepaal is deur die Een wat seks *geskep* het. Die omgewing sal genees word en mense sal gebalanseerde maniere aanleer om dit in stand te hou tot voordeel van almal. Die uiteindelijke maatskaplike verandering sal plaasvind – die hele samelewing sal na die *ware* God opsien vir Sy leiding, wysheid en liefde.

Mag Christus ons spoedig van hierdie “nuwe gode” red deur die Ware God aan die wêreld te openbaar. **WvM**

Sal u moeilike dinge doen?

Deur Rod McNair

Om te kies wat reg is in plaas van om die makliker uitweg te kies, kan u nie net sterker maak nie, maar ook gelukkiger!

Te midde van 'n pandemie kan die lewe moeilik genoeg wees sonder dat ons dit moeiliker probeer maak. Behoort ons nie te probeer om ons lewens eenvoudiger te maak in moeilike tye nie? Een van die beste maniere om die lewe beter te maak, is miskien soos baie mense geleer het, om uit ons gemaksones te kom en te leer om moeilike dinge te doen!

Ongelukkig lyk dit asof ons samelewing besig is om die teenoorgestelde rigting in te slaan. Gedurende die Groot Depressie in die dertigerjare moes baie tieners help om hulle gesinne te onderhou en het jare voordat hulle amptelik volwasse was, die arbeidsmark betree. Wat dan van vandag? Jean Twenge, 'n professor in sielkunde aan die San Diego Staats-Universiteit, het bevind dat “in terme van volwasse gedrag, lyk 18-jariges nou soos die 15-jariges van die verlede” (*“Extended Adolescence: When 25 Is the New 18,” Scientific American.com, 19 September 2017*). Reeds voor die pandemie het sy deur haar navorsing bevind dat jong volwassenes heel waarskynlik baie minder geneig is om die verantwoordelikhede van volwassenes te aanvaar soos wat hulle ouers of grootouers gedoen het. “Vyf-en-twintig is

die nuwe 18 jaar en laat-adolessensie is nie meer 'n teorie nie, maar 'n werklikheid”, sê die psigiater Mirjana Domakonda van die Columbia Universiteit.

Wat beteken dit vir ons toekoms? Die gedrag wat ons in ons jeug aanleer, is waarskynlik die gedrag wat ons gedurende die res van ons lewe sal openbaar. Die jong volwasse jare is juis die tyd van ons lewe wanneer mense die meeste energie en lewenskrag het om aan loopbane, huwelike en gesinne te bestee. Natuurlik ontduik nie alle jong volwassenes verantwoordelikheid en mors hulle tyd nie. Baie van hulle is ywerig, beplan vir die toekoms en werk hard. Hulle is voorbeeldige, onbaatsugtige mense wat hulleself daaraan toewy om ander mense te dien – hulle is egter teen 'n kulturele stroom deur dit te doen. Vir elke energieke jong volwassene wat hard werk en gedissiplineerd is soos dit vervat is in die “Sewewette van sukses” (sien ons artikel elders in hierdie uitgawe), gaan baie meer van hulle “saam met die stroom” en verbeur geleenthede om te groei.

Wat beteken dit om moeilike dinge te doen? Dit kan beteken dat u uself fisies uitdaag deur 'n marathon te hardloop of 'n werk te aanvaar

wat vereis dat u u spiere meer gebruik as waaraan u gewoond is. Dit kan beteken dat u uself op 'n morele vlak uitdaag deur die waarheid te praat in 'n situasie waar 'n leuen na 'n makliker uitweg lyk. Dit kan dalk beteken dat wanneer u die moeiliker vak op skool neem, die gevaar loop om laer punte te kry, maar wat 'n deur oopmaak tot nuwe kennis of geleenthede. Dit kan dalk beteken dat u 'n ongewilde standpunt inneem wat u aan God se kant skaar, maar die gevaar loop om vriende te verloor.

Wie sê dit is moeilik?

Sommige mense mag dalk dink “maar ek is dan 'n Christen” en Jesus het gesê dat dit maklik is om 'n Christen te wees. Jesus het ons sekerlik 'n bemoeidigende belofte gegee: “Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig” (Matthéüs 11:29-30). Het dit egter beteken dat ons net ledig kan bly sit en kies om nie keuses te maak nie? Nee! Ons Verlosser waarsku ons ook: “Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe

lei, en daar is min wat dit vind" (Matthéüs 7:13-14).

Hoe versoen ons hierdie teksverse? Jesus het aan ons 'n lewenswyse geleer en Hy het die gawe van die Heilige Gees aan diegene beloof wat hulle sal bekeer, laat doop en hulle daartoe sal verbind om hierdie weg te volg. Die keuses wat Hy ons vra om te maak, kan moeilik wees, maar soos wat ons die Heilige Gees gebruik, *word* die keuses al hoe makliker wanneer dit 'n gewoonte raak.

Alex en Brett Harris wat in 2008 die boek "*Do Hard Things*" geskryf het waarin veral 'n beroep op jongmense gedoen word om inisiatief te neem en die régte pad bó die maklike pad te kies, hou 'n webwerf in stand wat daaraan gewy is om te rebelleer teen lae verwagtings" (*The Rebelution.com*). In 'n onlangse artikel word lesers aangemoedig om voordelige gewoontes aan te leer: "Om 'n gewoonte aan te kweek beteken dat, alhoewel dit soms moeilik mag wees, ek daarby sal hou totdat dit in wese tweede natuur word ... Onthou, 'n gewoonte word nie oornag aangekweek nie en daar sal tye wees wanneer dit onmoontlik sal wees om met die gewoonte voort te gaan, maar hou daarby en u sal met verloop van tyd al hoe meer resultate geniet" ("*2021 Won't Go as planned – but Don't Let That Stop You,*" *TheRebelution.com*). Hoe meer ons die vermoë aankweek om klein gewoontetjies te ontwikkel, hoe meer lê ons die grondslag vir die ontwikkeling van groot gewoontes wat ons sal help om

deur te druk wanneer ons probleme ondervind.

Moeilik om te groei?

Ironies genoeg, hoewel die Westerse wêreld ewige jeug verafgod, verag dit ook op sekere maniere die jeug. Hoe gereeld het ons gehoor dat *Baby Boomers* of lede van *Generasie X* wrede en onkundige kommentaar lewer oor *Millenniales* en lede van *Generasie Z*? Tog is dit niks nuuts nie. Dink aan wat die apostel Paulus byna 2,000 jaar gelede aan die jong Evangelis Timótheüs geskryf het. "Laat niemand jou jonkheid verag nie, maar wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, in wandel, in liefde, in gees, in geloof, in reinheid" (1 Timótheüs 4:12).

Antieke Israel se koning Salomo het byna 3,000 jaar gelede geskryf dat ons ons jonger jare op 'n bepaalde manier behoort te geniet: "VERBLY jou, o jongeling, in jou jeug en laat jou hart jou vrolik maak in die dae van jou jonkheid; en wandel in die weë van jou hart en in die aanskouing van jou oë; maar weet dat God jou oor al hierdie dinge in die gerig sal bring" (Prediker 11:9).

Ja, ons moet ons verheug, maar altyd weet dat God daar is om ons keuses te beoordeel. Soos Salomo gesê het: "Die seun laat hom alreeds aan sy handeling ken, of sy handelwyse suiwer en of dit reg is" (Spreuke 20:11). Dit is nodig dat ouers hulle kinders aanmoedig om 'n goeie voorbeeld te stel, tesame met vermaning wanneer dit nodig is. Hulle moenie die

verwagtings verminder of verskonings maak vir mislukking nie – hulle moet eerder kinders inspireer om te doen wat reg is, al is dit moeilik.

Sê nou maar *ons* het ons jeug nie so goed benut as wat ons moes nie? Dit is nooit te laat om berou te hê nie – om om te draai en 'n nuwe weg in te slaan – met die hulp van ons Verlosser en met die inwonende Heilige Gees. God vra alle ware Christene om 'n baie moeilike ding te doen – om uit die wêreld uit te kom en voor te berei op 'n toekoms as eersteling in Sy Koninkryk. Waarom maak dit saak? Verlossing is mos 'n gratis geskenk of hoe? Wel ja, maar ons *beloning* hang af van hoe ons daardie geskenk gebruik. Dink aan die "gelykenis van die ponde" in Lukas 19. Die edelman wat aan elke dienskneg 'n pond gegee het – 'n antieke geldeenheid – het hulle nie almal eweveel beloon toe hulle sy belegging met verskillende resultate teruggegee het nie. Die edelman het sy produktiefste dienskneg die grootste beloning gegee en gesê: "Mooi so, goeie dienskneg; omdat jy in die minste getrou gewees het, moet jy gesag hê oor tien stede" (Lukas 19:17).

Vandag se Christene sal 'n wonderlike beloning ontvang indien ons ons bekeer en reageer op God se roeping. Ons kan die eersteling word wat sal hulp verleen in God se Koninkryk met Christus se Wederkoms. Paulus vra: "Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie?" (1 Korinthiërs 6:2).

Vandag se getroue Christene sal regters – heersers – in die Koninkryk van God wees. Dit is nou die tyd vir ons om voor te berei – deur die regte ding te doen, selfs al is dit moeilik.

Moeilik om ongevoeligheid te vermy?

Die tweede en derde hoofstukke van Openbaring beskryf sewe geskiedkundige gemeentes en opeenvolgende Kerk tydperke wat dateer vanaf die tyd van die Apostels tot en met die toekomstige eindtyd. Die laaste gemeente is Laodicéa en dit kenmerk die gesindheid van die meeste Christene ten tye van Jesus Christus se Wederkoms. Die waarskuwing aan Laodicéa is 'n waarskuwing vir ons geslag – vir 'n volk wat worstel in die eindtyd teen die vernietiging van geestelike ongevoeligheid: “En skryf aan die engel van die gemeente van die Laodicense: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God: Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie, sal Ek jou uit my mond spuug” (Openbaring 3:14-16). Wát 'n kontras met die Filadelfía gemeente, wat net enkele verse tevore beskryf is!

Laodicéa is 'n voorbeeld van 'n “louwarm” en ongevoelige samelewing as geheel. Dink daaraan: Harde werk en self-

dissipline was net 'n paar generasies vroeër diep ingewortel in die Westerse samelewing. Mense het geweet dat sukses dikwels selfbeheersing behels en vereis dat mense keuses maak wat nie altyd lekker of maklik is nie. Hoe verouderd klink dit nie vandag vir baie mense nie! Selfs die terme “selfdissipline” en “selfbeheersing” klink verouderd! Tog skep God behae in selfbeheersing – dit is 'n vrug van die Gees (Galásiërs 5:22) en die apostel Paulus het daarvoor gespreek voor die goewerneur Felix (Handelinge 24:25).

Moeilik om God te gehoorsaam?

Dit is soms moeilik om God te gehoorsaam, veral as die stroom van die samelewing teen ons is. Ons samelewing vind dit byvoorbeeld moeilik om die begeerte na besittings te beheer – dus word kredietkaartskuld al hoe groter. Christus het egter Sy dissipels geleer om nie hulle harte op hulle besittings te plaas nie. Hy het gesê dat, tensy ons bereid is om Hom bo alles te stel, ons nie geskik is om Sy dissipels te wees nie (Matthéüs 19:21).

In die tyd waarin ons nou leef kan dit selfs moeilik wees om God se Sabbat te onderhou. Hoe ironies! Die Sabbat is 'n rusdag, maar baie mense wat geloof en moed beoefen deur dit te onderhou, waag dit om deur familie, vriende en bure verwerp

te word. Ons kan die gevaar loop om ons werk te verloor of nie in staat wees om werk te kry nie, omdat ons nie op die Sabbat sal werk nie. Jesus Christus beloof egter dat indien ons gehoorsaamheid aan Hom ons hoogste prioriteit maak, Hy vir ons sal sorg en selfs sal seker maak dat ons het wat nodig is om te eet en om aan te trek (Matthéüs 6:31-33)!

Indien God u dus roep en u verstand open vir die Waarheid, is u bereid om die moeilike dinge te doen? Dit is nie die tyd om terug te deins nie – dit is die tyd om sterk te staan en die uitdaging te aanvaar! Dit is nou die tyd om teen die selfvoldaanheid en onverskilligheid van die samelewing op te staan.

Dit is tyd om u waarlik aan God te onderwerp. Dit is tyd dat ons Hom sal toelaat om ons te bemagtig om die moeilike dinge te doen om Hom te dien, selfs wanneer ander mense dit nie doen nie. God is op soek na mense wat na vore sal tree en Hom sal dien, selfs al is dit moeilik. Die Skrif moedig ons aan deur te sê: “... want die HERE – sy oë deurloop die hele aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is” (2 Kronieke 16:9). Ewige seënige en geleenthede wag op ware Christene wat gewillig is om hulle aan Hom te verbind, hulleself te onderwerp aan Sy weë en hulle eie ek te oorwin, al is dit moeilik – *verál* wanneer dit moeilik is! **WYM**

Maria: Dame van die nasies

Deur Douglas S. Winnail

Vir Rooms-Katolieke regoor die wêreld is Meimaand lank reeds 'n tyd van spesiale toewyding aan Maria, die moeder van Jesus Christus. Soos pous Paulus VI dit in sy Pouslike Sendbrief *Mense Maio* beskryf, is Mei “die maand waartydens Christene in hulle kerke en in hulle huise, meer vurige en liefdevolle dade van huldeblyke en verering aan die maagdelike Moeder bied. Dit is die maand waarin 'n groter oorfloed van God se barmhartige gawes op ons uitgestort word vanaf die troon van ons Moeder” (29 April 1965).

As die menslike dame wie aan Jesus Christus – die *Logos* of Woord (Woordvoerder) van God gebore as volkome mens – geboorte geskenk het, het Maria 'n baie spesiale seën van God ontvang. Sy was inderdaad deur God “begenadig” (Lukas 1:28). Om 'n menslike ouer van God in die vlees te wees, was 'n buitengewone rol en God het Maria geskik gevind vir daardie rol. Sy het nie alles van Sy sending geweet nie en tydens die Kana-bruilof, moes Jesus haar vermaan: “My uur het nog nie gekom nie” (Johannes 2:4). Tog was sy 'n dame aan wie baie privaat aangeleenthede toevertrou was aangaande Jesus vanaf Sy geboorte (Lukas 2:19) en wat Hy regdeur Sy lewe met liefde vergoed het. Selfs tydens Sy kruisiging, toe Hy die sondes van die hele mensdom op Hom

geneem het, het Hy Sy liefde vir Maria, as haar kind, aan haar betoon en haar verseker dat sy na Sy dood versorg sou wees (Johannes 19:25-27).

Hoe het tradisies egter ontwikkel wat hierdie getroue volgeling van Christus verander het in iemand wat deur baie mense as Sy gelyke beskou word – selfs as Sy mede-Verlosser, wat haar byna as 'n “god” in eie reg vereer? Dit was beslis nie deel van die eerste-eeuse Kerk onderrig nie. Geleerdes erken dat hierdie fokus op Maria totaal afwesig was in die vroeë Kerk: “Aangesien hierdie leerstelling nie ten minste uitdruklik in die vroeë vorms van die Apostoliese Geloofsbelofenis vervat is nie, behoort ons nie verbaas te wees indien ons nie enige duidelike spore van die kultus van die Geseënde Maagd in die eerste Christelike eeue vind nie” (*Devotion to the Blessed Virgin Mary*, *The Catholic Encyclopedia*).

Waar kom hierdie idees dus vandaan? Sommige mense vereer Maria vandag as “Koningin van die hemel” en “Dame van alle nasies” – titels wat vanuit 'n streng Bybelse perspektief geen sin maak nie. Dit is nodig om te onthou dat Jesus in 'n wêreld ingekom het wat oorheers was deur die Griekse en Romeinse kultuur – 'n kultuur wat vroeë verdraaiing van Jesus se ware leerstellings

gevorm het. Mense regoor die Romeinse Ryk het 'n verskeidenheid gode en godinne aanbid wat in verskillende streke onder verskillende name bekend was, maar op verskillende plekke as “dieselfde” figuur beskou was. Standbeelde van hierdie gode is dikwels in manjifieke heiligdomme en tempels gehuisves en is aanbid met oordadige seremonies wat soms geheime rituele en tempelprostitusie ingesluit het. Feeste van die gode was openbare vakansiedae wat volop in die sosiale kalender voorgekom het.

'n Goeie voorbeeld hiervan word in Éfese gevind, met die groot tempel van Diana – een van die wonders van die antieke wêreld (Handelinge 19:21-40). In 431 n.C. het die Roomse kerk se derde algemene raad in Éfese vergader en Maria as die “Moeder van God” en die voorwerp van gebede en toewydings verklaar. *Waarom* het Maria hierdie titel gekry? *Waarom* was Éfese gekies as die plek waar hierdie nuwe leerstelling aangekondig sou word?

Ander Marias vóór Maria?

Die Diana van Éfese was 'n godin wat deur die hele Asië en die wêreld aanbid is (Handelinge 19:27). Diana was die Romeinse naam vir die Griekse godheid Artemis, “die godin van wilde diere, jagtogte, plante-

groeï, van kuisheid en kinder-geboorte” (“*Artemis*,” *Britannica.com*). Sy word dikwels uitgebeeld as 'n maagd en die “Geliefde van diere” (*Britannica.com*). Haar standbeelde beeld 'n figuur met vele borste uit wat 'n kroon met torinkies dra. Artemis bevat baie kenmerke van die groot moedergodin wat in die antieke wêreld onder verskillende name aanbid was.

“Artemis is 'n godheid van antieke oorsprong wat in Klein-Asië en Griekeland oorleef en baie gewildheid behou het tot in die Christelike tyd, toe ... baie van haar eienskappe aan *die Maagd Maria oorgedra* is. Albei figure het groot heiligdomme in Éfese gehad” (Michael Jordan, *Encyclopedia of Gods*, klem bygevoeg). Deur 'n kerk vir Maria in Éfese naby die groot tempel van die moedergodin Diana te bou en haar as “Moeder van God” te verklaar het die Roomse kerk eenvoudig antieke tradisies ontleen en aangepas wat nuwe bekeerlinge in staat gestel het om heidense praktyke voort te sit binne 'n “Christelike” konteks!

Waar kom die titels “Moeder van God” en “Koningin van die hemel” vandaan? In sentraal Klein-Asië het die Hetiete, meer as duisend jaar voor die Romeine, ook 'n *groot moedergodin* aanbid. Aan die kant van 'n heuwel naby Sardis is 'n reuse rotstekening van 'n moedergodin wat die antieke digters Homerus, Ovidius en Sophokles beskryf het as die “*Moeder van die gode*, die oudste godin van almal” (John Garstang, *The Hittite Empire*, klem bygevoeg). Op

standbeelde en houtsneewerke, neem hierdie Hetitiese godheid “die voorkoms van 'n godin van die hemel of Koningin van die hemel aan, 'n bekende eienskap van Astarte” (Garstang). Astarte was die Fenisiese oorlogsgodin, die Aandster, seksuele liefde en vrugbaarheid. Tempelprostitusie was deel van haar aanbedding. Sy is dikwels naak uitgebeeld, met 'n “kroon van beeshorings wat rondom 'n sonskyf is” – soortgelyk aan die Egiptiese godin Isis (Jordanië). Die Romeinse leer het die aanbedding van hierdie antieke Hetitiese godin dwarsoor Europa versprei, vanaf Duitsland na Brittanje, omdat haar kultus “groot byval onder die soldate gevind het” (Garstang).

Madonna en kind?

Wat van die *Madonna en kind*? In Egipte was Isis aanbid as een van die grootste gode. Sy is gewoonlik uitgebeeld waar sy op 'n troon sit “en die kind Horus vashou ... Isis en Horus was deur die Egiptenare beskou as die *perfekte moeder en seun*” (*Encyclopaedia Britannica*, 15de uitg., Deel 6, klem bygevoeg). Vanaf Egipte het die aanbedding van Isis na Griekeland en Rome versprei, waar sy *Stella Maris* (ster van die see) genoem was, die beskermdame van seevaarders en die “*Koningin van die hemel*” (E.A. Budge, *The Gods of the Egyptians*, vol. 2, klem bygevoeg). Talle geleerdes merk op dat “die Isis-kultus die uitbeelding van die Christelike maagd Maria, wat ook as *Stella Maris* bekend was, beïnvloed het

en waarvan die prente met die Christus dikwels 'n opvallende ooreenkoms toon met dié van Isis met Horus” (Jordanië) en is “dit duidelik dat die vroeë Christene sommige van haar [Isis se] eienskappe aan die maagd Maria verleen het ... prente en beeldhouwerke waarin sy voorgestel word terwyl sy haar kind Horus soog, vorm die grondslag vir die Christelike figure en skilderye van die Madonna en die Kind” (Budge).

“Baie van die verskeie *dwaalleringe* van die vroeë Christelike Kerk in Egipte is veroorsaak deur die *oorlewing van* idees en oortuigings wat verband hou met die ou inheemse gode wat die bekeerlinge na die Christendom wou *aanpas* by hulle nuwe geloof” (Budge, klem bygevoeg). In dele van Egipte, teen ongeveer 400 n.C., “het Maria die maagd en Christus die plekke van Isis en Horus ingeneem en die “godmoeder of moeder van die god, was nie meer Isis nie, maar Maria” (Budge). Dit is hoe die aanbedding van 'n moedergodin deel geword het van die sogenaamde Christendom op die onbybelse voorwendsel van toewyding aan Christus se moeder. Nominale bekeerlinge het hierdie “Christendom” aangeneem terwyl hulle hul toewyding aan 'n moedergodin en haar titels met hulle vereenselwig het!

Dit was niks nuuts nie. In die Bybel lees ons dat die antieke Israeliete – met inbegrip van Salomo – van God afgedwaal het en Baäl en Asjêra of Astoret aanbid het (Rigters 2:11-13;

10:6; 1 Konings 11:1-11), wat ook rituele van tempelprostitusie behels het (2 Konings 23:6-7). Die Bybel maak melding van damee wat klere weef vir 'n standbeeld van hierdie godin wat in die tempel van God geplaas is (2 Konings 21:1-7; 23:6-7). Geskiedkundiges merk op: “Asjéra is die *groot moeder-godin* van Kanaän” (Jordanië). Geleerdes verbind Astoret ook met die Babiloniese godin Istar, die Feniciëse Astarte en die Griekse Aphrodite – vrugbaarheidsgodinne waarvan die aanbidding ook tempelprostitusie behels het.

Istar was die belangrikste godin in die antieke Midde-Ooste – veral in Babilon en Ninevé. Sy was die godin van oorlog en seksualiteit. Sy is die “Koningin van die heelal” genoem, die “beskermdame van prostitute” en die “beskermdame van die bierhuis” (“*Ishtar*”, *Britannica.com*). Haar kultus, wat tempelprostitusie ingesluit het, was wyd versprei en gewild. Istar was ook aanbid as Inanna die godin van liefde en oorlog en word die “Koningin van die hemel” genoem (Manfred Lurker, *The Routledge Dictionary of Gods and Goddesses, Devils and Demons*). 'n Ander Kanaänitiese en Feniciëse godin was Anat, 'n vrugbaarheidsgodin, suster van Baäl en dogter van die songod. Sy was “Dame van die berg” genoem, “moeder van die gode”, “Koningin van die hemel” en die “Maagd Anat” (Jordanië). Die Bybel en die geskiedenis toon duidelik dat die antieke Israeliete en die vroeë

Katolieke kerk die aanbidding van 'n moedergodin en al haar titels, van hulle heidense bure oorgeneem het. Wat het dit dan alles vandag met ons te doen en waarom is dit belangrik?

Waarom maak dit saak?

Wanneer God die antieke Israeliete uit Egipte gebring het, het Hy hulle beveel: “Jy mag vir jou geen gesnede beeld maak [nie] ... Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie ... Julle mag vir julle geen afgode maak nie” (Exodus 20:4-5; Levitikus 26:1). Tog het hulle spoedig 'n goue kalf begin aanbid en is daarvoor gestraf (Exodus 32). Die Israeliete het ook die duidelike opdrag van God gekry om nie heidense godsdienstige gebruike, wat God as gruwels beskou het, aan te neem nie: “So mag jy nie handel met die HERE jou God nie” (Deuteronomium 12:29-32; 17:2-7). Hierdie waarskuwings is egter herhaaldelik geïgnoreer aangesien die Israeliete hulle tot die aanbidding van Baäl en Astarte gewend het – die moedergodin van die Kanaäniete, hulle “hemelkoningin”. Deur hierdie sondes, wat die gebruik om hulle afgode te soen ingesluit het (Hoséa 13:2) het die antieke volk Israel hulle die toorn van God op die hals gehaal en is hulle in ballingskap deur Assirië weggevoer!

Die nasie van Juda het dieselfde foute gemaak. Hulle het God vertoorn toe hulle “vir die hemelkoningin rook laat opgaan en vir haar drankoffers uitgiet” ... “vir haar koeke maak

om haar af te beeld” (Jeremia 44:19). Die beeld wat hulle as die hemelkoningin aanbid het, was die Babiloniese godin Istar. Ander rituele was onder meer om “Tammus”, die oorlede man van Ishtar te “beween” en “hulle het hul voor die son neergebuig na die ooste” (Eségiël 8:10-18). Hierdie praktyke duur vandag voort met die maak van warm Paasbolletjies en om Paasfeesdienste teen sonop te hou.

Die Bybel openbaar dat hierdie nie 'n nietigheid in God se oë is nie, maar wel *gruwels* wat deur God *gehaat* word. Die nasie Juda het 70 jaar in ballingskap in Babilon deurgebring as straf vir sy afgodediens. Vroeë Katolieke kerkleiers wat mense toegelaat het om hulle heidense tradisies onder nuwe “Christelike” name voort te sit, het dieselfde misleidende redenasie gevolg wat duidelike Bybelse instruksies geïgnoreer het. Die Bybel waarsku dat nasies wat hierdie voorbeeld volg – die aanneming en aanpassing van heidense praktyke – deur 'n soortgelyke lot getref sal word (Jeremia 16:10-13).

Dame van Europa ... en die wêreld?

Tussen 1945 en 1959 het 'n Hollandse dame in Amsterdam beweer dat sy meer as 50 visioene van Maria gehad het. Alhoewel die Rooms-Katolieke aartsbiskop van Amsterdam die visioene nie as wettig wou verklaar nie, het toewyding aan “die Dame van alle nasies” – die naam wat hierdie figuur kwansuis aan haarself gegee het –

oor Nederland versprei en selfs oor Europa en verder. Dit is interessant dat in een skeptiese beriggewing wat deur die Gemeente vir die Geloofsleer uitgereik is, die Rooms-Katolieke aangespoor word om eerder toewyding aan die “Koningin van die heelal” te beoefen, op wyses “wat deur die kerk erken en aanbeveel word” (*Alateia.org*, 20 Oktober, 2020).

Waarom is daar egter toenemende belangstelling in Maria, hetsy as Koningin van die heelal, Koningin van die hemel of Dame van alle nasies? Die Skrif openbaar dat net voor die Wederkoms van Jesus Christus, 'n “dier”-moondheid, wat saamgestel sal wees uit tien nasies in Europa, uit die as van die ou Romeinse Ryk sal ontstaan (Daniël 2, 7; Openbaring 13, 17-18). Hierdie bondgenootskap sal deur 'n “vrou” gery word, 'n ryk en magtige kerk wat beskryf word as 'n *koningin* wat haar oorsprong in antieke Babilon het, 'n *moeder van hoere* – ander misleide kerke – wat die wêreld dronk gemaak het met haar valse leerstellings (Openbaring 18:7; 17:1-6). Hierdie vrou wat “dogter van Babel” en “gebiedster van die koninkryke” genoem word (Jesaja 47:1, 5) – sal beweer dat sy die enigste ware kerk is en sê: “Dit is ek, en niemand anders nie” (Jesaja 47:8-9; Openbaring 18:7-8). Sy sal 'n eindtydse beweging lei om haar verdeelde “kinders” terug te bring na hulle “moeder”-kerk.

Europa is duidelik 'n teelaarde vir hierdie

ontwikkeling. Rooms-Katolieke het reeds verskeie Europese streke aan Maria toegewy. In 1996 het pous Johannes Paulus II, Gibraltar se *Shrine of Our Lady of Europe* (wat in 1309 deur die Spaanse koning Ferdinand IV gestig is), 'n “kragtige simbool” vir die vereniging van Europa en “'n plek waar die menslike familie al hoe nader na mekaar getrek sal word in broederlike eenheid en vreedsame naasbestaan onder die beskerming van Maria” (“*The Shrine of Our Lady of Europe*,” *Gibraltar.com*). Dit is belangrik vir diegene wat die Skrif en die geskiedenis verstaan, dat die heiligdom nie ver van 'n grot af is nie, waar Feniciëse seevaarders sewe eeue voor Christus 'n heiligdom vir Astarte opgerig het, hulle eie Koningin van die hemel.

Selfs die Nuwe Europa wemel van simboliek van Maria. Die Raad van Europa hou Europadag op 5 Mei – dieselfde dag wat gevier was as die feesdag van “Ons Dame” van Europa. Die vlag van die Europese Unie – 'n ring van twaalf goue sterre op 'n blou agtergrond – is oorgeneem uit prente van die Madonna met twaalf sterre in 'n stralekrans om haar kop. In Straatsburg, Frankryk, die amptelike setel van die Europese Parlement, is daar in die stad se katedraal 'n “venster van Europa” wat 'n Madonna en kind uitbeeld, met 'n stralekrans van twaalf sterre en sekelmane langs die kante.

Die toekomstige Maria?

Watter rol sal Maria speel wanneer Europa in die eindtyd na vore sal tree na sy geprofeteerde plek in godsdienstige en politieke posisies? Baie mense wat tradisionele godsdienste as “patriargaal” verwerp, is ontvanklik vir die aanbidding van 'n “moederfiguur”. Selfs Islam het 'n band met Maria, 'n figuur wat in die Koran vereer word; een van die beroemdste heiligdomme van Maria word in Fatima, Portugal gevind – 'n dorp wat vernoem is na Mohammed se dogter. Biskop Fulton J. Sheen, wat Rooms-Katolisisme deur middel van sy geskifte en verskynings op televisie gewild gemaak het, het daarop gewys dat wanneer daar standbeelde van “Ons Dame” van Fatima in Moslemlande vertoon word, groot skares byeenkom om haar beeld te vereer. Namate ons nader aan die einde van hierdie tydperk kom, behoort ons op die uitkyk te wees vir meer pogings deur magtige politieke figure om Maria vir hulle eie doeleindes aan te wend. Wees ook bedag op magtige aanhangers van Maria wat streef na groter invloed in die politieke arena.

In die Skrif is dit opgeteken dat toe daar aan Jesus gesê is: “U moeder en u broers soek U daar buite”, het hy gesê dat “elkeen wat die wil van God doen, die is my broer en my suster en moeder” (Markus 3:32-35). Is ú besig om God se wil te doen? Indien wel, onthou dat Christus u liefhet en waardeer

Vervolg op bladsy 26

Die hoop wat bestaan vir die afgestorwenes

Deur Gerald E. Weston

Byna geen vraag het al méér in mense se gedagtes gespook as dié, of daar lewe na die dood is nie. Vandag sal baie intellektuele reuse u ook wil laat glo dat die enigste rasionele antwoord “nee” is. Is hulle reg? Wanneer u sterf, is dit die einde?

Die afgelope tyd was moeilik. Ons is almal baie bewus van die verskillende probleme van vandag en onderliggend aan baie daarvan is wat baie rasionele mense die ergste vrees – die dood en die sterwensproses.

Die doel van hierdie artikel is nie om u bang of depressief te maak nie, maar om u hoop te gee – iets wat ons almal nodig het wanneer tye moeilik is. Daardie hoop is op lewe ná die dood. Baie mense glo in een of ander vorm daaraan, maar min van hulle is bereid om hulle lewens daarop te wed.

Verbasend genoeg beweer sommige evolusioniste en ateïste in naam dat hulle gló in lewe na die dood. Dit is vreemd, want evolusie is in wese 'n poging om lewe sonder God te verklaar en as daar geen God is nie, watter evolusionêre meganisme kan dalk lewe uit die dood terugbring? Sommige mense probeer om “'n middeweg te kies” deur te beweer dat God evolusie gebruik het om alle lewensvorme te skep, maar die ware aantrekkingskrag van evolusie is die verwerping van die Skepper en ignoreer dus enige gedragsbeperkings wat deur 'n hoër mag daarop geplaaskan word.

Die einde wat niemand sal vryspring nie

Laat ons dus nie doekies om-draai nie. Dink vir 'n oomblik daarvoor na: Alhoewel ons die idee haat, gaan ons almal sterf en eers wanneer ons ouer word, besef die meeste van ons hoe kort die lewe werklik is. Ons het grootgeword en het ouers en hulle vriende hoor sê: “Kinders word so vinnig groot!” Hulle vra: “Waar is al die jare heen?” Miskien het u al sêlf hierdie bekende woorde gesê.

Op die een of ander stadium word ons almal met die werklikheid van die dood gekonfronteer, hetsy dit die verlies van 'n geliefde was of moontlik het uself ter nouernood aan die dood ontkom. Wanneer ons vra: *Wat gebeur wanneer 'n mens sterf?*, is daar net twee moontlike antwoorde: Die donkerte van duisternis vir ewig wanneer alle bewussyn tot 'n einde kom of lewe anderkant die graf. Daar kan geen ander alternatiewe wees nie.

Baie vrae ontstaan by diegene wat die laaste antwoord glo. Indien daar lewe na die dood is, wanneer begin daardie lewe – onmiddellik of met 'n opstanding een of ander tyd in die toekoms? Hoe sal dit wees en in watter vorm sal dit wees? Sommige

mense glo dat hulle vlerke sal kry en engele sal word wat op wolke sit en harpe speel. Ander mense glo in reïnkarnasie en dink dat hulle sal terugkom as 'n hond, insek of ander lewensvorm, afhangende van hoe hulle geleef het. Sommige mense dink dat hulle 'n tydperk van suiwering van hulle sondes sal moet deurmaak voordat hulle in 'n hemelse geluksaligheid sal ingaan en vir altyd na die aangesig van God sal staar – die sogenaamde “geluksalige visioen”.

Wat is die waarheid?

Is dit goed genoeg om iets wat so belangrik is te glo of nie te glo nie, op grond van emosie en opvoeding, wat u biologieprofessor u vertel het of eenvoudig wensdenkery? Emosies verander nie die werklikheid nie. Ons kan ook nie staatmaak op die manier waarop ons grootgemaak is nie, want terwyl die een persoon as ateïs grootgemaak word, word die ander grootgemaak om te glo in hierdie god of daardie god; albei kan sekerlik nie reg wees nie, maar tog glo elkeen dat hy reg is. Om 'n professor in biologie te wees, gee geen insig in die lewe anderkant die graf nie en wensdenkery is selfbedrog. Om

net te wens dat iets so moet wees, máák dit nie so nie.

Vandag is dit in die mode om God te verwerp, maar omdat 'n mens nie regtig kan bewys dat Hy *nie* bestaan nie, is dit dan nie 'n groot waagstuk om Hom te verwerp sonder om die bewyse in ag te neem nie? Ongelukkig is te mín mense bereid om die belangrikste van alle vrae te ondersoek en te beantwoord.

Wanneer hulle die dood sien naderkom, wil die meeste mense weet – *is dit die einde van dit alles?* Miskien is daar meer aan verbode. Lee Iacocca was een van die groot nyweraars van die twintigste eeu en hy verduidelik dit op hierdie manier in sy boek *Talking Straight*:

“Ek was nog altyd verwonderd oor hoeveel klem gelê word op geloof in die hiernamaals namate mense ouer word. Tot en met hulle sterfbed het baie van die groot wetenskaplikes gedink dat omdat hulle siel en wese in hulle gebalseemde liggeme toegedraai was – slegs die waarde van die chemikalieë wat gelyk sou wees aan die ou Amerikaanse 98c sou oorbly. Na die dood sou daar nie meer 'n liggaam wees nie en dit is maar hoe dit is. Wanneer hulle egter nou moet sterf, wil hulle skielik in iemand daarbo glo omdat hulle nie weet waarheen hulle op pad is nie en omdat

hulle bang is – soort van doodsbang, kan 'n mens sê. Dit is dan 'n bietjie te laat”.

Iacocca vertel dan 'n humoristiese storie oor wyle W.C. Fields. Fields was 'n lewenslange agnostikus wat nie in God geglo het nie, maar ook nie Sy bestaan heeltemal verwerp het nie – nie anders as baie gewone mense van vandag nie. Die verhaal lui verder dat hy gevind is terwyl hy die Bybel op sy sterfbed lees en aan hom is toe gevra: “Waarom lees jy dit?” Hy het geantwoord: “Ek is op soek na 'n skuiwergat”.

Indien die verhaal waar was, sou W.C. Fields nie die enigste een wees wat 'n skuiwergat in die laaste oomblik – net vir ingeval – sou soek nie. Sommige van hulle werk vinniger 'n plan B uit, terwyl ander mense wag totdat hulle nader aan die onvermydelike is. Indien God bestaan, dink ons regtig dat Hy met so 'n benadering tevrede sal wees? Miskien was Iacocca reg deur te skryf: “Dit is dan 'n bietjie te laat”.

Die alternatiewe

Op een of ander stadium vra die meeste mense hulleself af: “Bestaan God? Ons wonder ook of daar lewe na die dood is?” Ons wil dit miskien nie aan ons vriende erken nie, maar dit kom in ons gedagtes op. Is dit moontlik om die antwoorde te ken? Indien wel, waar soek ons die antwoord? Behoort ons na 'n boekwinkel te gaan om boeke te koop wat tunnels en helder ligte

beskryf? Wat van die idees van verskillende godsdienste? Wat van die *wetenskap*? Die wetenskap kan tog sekerlik tot ons redding kom!

Kan dit régtig? Lewe na die dood impliseer twee belangrike gevolgtrekkings. Eerstens moet daar 'n oppermagtige Krag wees, 'n hoër Intelligensie of Wese met die mag om 'n fisiese bestaan te laat oorgaan in 'n ander bestaansvorm. Tweedens impliseer so 'n allerbelangrike saak en verandering 'n doelstelling wat uit die aard van die saak buite wetenskaplike ontdekking is.

Die wetenskap kan nie antwoorde gee nie, want die wetenskaplikes erken self dat hulle slegs met die materiële handel. Die Nasionale Akademie vir Wetenskap van die Verenigde State het duidelik toegegee dat “of daar 'n doel met die heelal of 'n doel vir die menslike bestaan is, is nie vrae vir die wetenskap nie” (Kenneth R. Miller, *Finding Darwin's God*). Wetenskaplikes waag dit egter dikwels buite hulle studieveld en maak in elk geval bewerings oor 'n doel of die gebrek daaraan. Wyle bioloog en wetenskap geskiedskrywer, William Provine van die Cornell-universiteit het gesê: “Ons moet tot die gevolgtrekking kom dat wanneer ons sterf, sterf ons en dit is die einde van ons” (Miller). Die uitgesproke Richard Dawkins het die volgende in sy boek *River Out of Eden* geskryf:

“In 'n heelal van fisiese kragte en genetiese herhaling

gaan sommige mense seerkry, ander mense sal gelukkig wees en 'n mens sal geen sin of rede daarvoor vind nie, ook nie enige geregtigheid nie. Die heelal wat ons kan sien, het presies die eienskappe wat ons behoort te verwag indien daar aan die einde van die dag geen ontwerp, geen doel, geen kwaad en geen goed is nie – niks anders as blinde, meedoënlose onverskilligheid nie”.

Daar is dan ook die paleontoloog, Stephen Jay Gould, wat geskryf het: “Dit is 'n moeilike lewe en indien u uself kan wysmaak deur te dink dat daar 'n warm en vae betekenis aan verbonde is, is dit 'n groot troos. Ek dink egter dis net 'n storie wat ons vir onself opdis” (Miller).

Is Gould reg? Is godsdiens slegs 'n selfbedrieglike troos-kombersie? Is dit alles 'n reusagtige leuen om ons te help om deur die week te kom of is daar betekenis in? Het dit werklike antwoorde op werklike vrae, soos die vraag van lewe na die dood? Ongelukkig *is* baie van wat godsdiens genoem word net bedrog. Neem in aanmerking al die verskillende geloofstelsels wat regoor die wêreld bestaan. Kan dit almal korrek wees?

Die Bybel is bo alle twyfel merkwaardig in vergelyking met ander “heilige” boeke en dit vertel aan ons dat daar lewe ná die dood is. Dit verklaar dat ons vir ewig *kan* leef en nie meer pyn of hartseer sal ervaar nie. Ek

dink ons wil dit almal hê, maar is dit realities?

Die Bybel maak daarop aanspraak dat dit ons die enigste weg tot die ewige lewe bied, maar dit openbaar dat dit 'n *geskenk* is en nie iets wat enigiemand outomaties het nie. Is daar nie aan u gesê dat u 'n onsterflike siel het wat na die dood in die hemel of in die hel voortleef nie – of miskien in die vagevuur? Dit is skokkend hoeveel populêre oortuigings nêrens in die Bybel gevind word nie – selfs dié wat u op Sondagoggende hoor. Dink aan Romeine 6:23: “Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, ons Here.” Waarom glo so min mense wat daar geskryf staan – dat sonde tot die dood lei, nie die ewige lewe in een of ander boosaardige marteling nie? Die ewige lewe is nie 'n reg nie, nie 'n inherente eienskap nie, maar 'n gawe of geskenk van God.

Kyk ook na Johannes 3:16. Waarom word hierdie bekende vers so heeltemal verkeerd verstaan? Lees dit en glo dit! “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” Daar is weereens 'n kontras tussen *verganklikheid* en *ewige lewe*. Dit is teenoorgesteldes. Vir 'n deeglike uiteensetting van hierdie gewilde en belangrike gedeelte in die Bybel, vra 'n gratis eksemplaar aan van ons boekie: *Johannes 3:16: Verborgte Waarhede van*

die Goue Vers of lees dit aanlyn by wvm.co.za.

'n Gewelddadige arrogante man

'n Baie vername persoon in die Nuwe Testament van die Bybel is 'n man met die naam Saulus. Hierdie man het vroeë Christene erg vervolg totdat iets dramaties plaasgevind het. Hy was op pad na Damaskus om Christene in hegtenis te neem en in die gevangenis te sit totdat, kan 'n mens sê, hy 'n amper-dood-ervaring beleef het. Hy het skielik 'n verblindende lig teëgekom en 'n stem wat sy aandag getrek het. Slegs toé het hy gestop en aan die vele antieke profesieë gedink oor die Een teen Wie hy geveg het. Saulus wat Christene met wraak vervolg het, is in 'n nuwe mens omskep wat ons as die apostel Paulus ken. Hy het tot die oortuiging gekom dat die Een Wie hy gehaat het, die geprofeteerde Messias is en dat Hy uit die dood opgestaan het.

Die vervolger het nou die vervolgte geword en Paulus het die volgende paar dekades baie lyding verduur as gevolg van sy ywerige getuienis oor Christus. In sy verdediging teen diegene wat die opregtheid van sy nuutgevonde oortuigings bevestigte, het Paulus die volgende geskryf:

“Vyf maal het ek van die Jode ontvang veertig houe op een na. Drie maal is ek met stokke geslaan, een maal is ek gestenig, drie maal het

ek skipbreuk gely, 'n nag en 'n dag het ek op die diepwater deurgebring – dikwels op reis, in gevare van riviere, in gevare van rowers, in gevare van my volk, in gevare van die heidene, in gevare in die stad, in gevare in die woestyn, in gevare op see, in gevare onder valse broeders; in arbeid en moeite, in slapelose nagte dikwels, in honger en dors, dikwels sonder ete, in koue en naaktheid” (2 Korinthiërs 11:24-27).

Paulus was 'n realis. Hy het besef dat alles wat hy verduur het, die gevolg was van sy prediking dat Jesus die ware Messias is wat onregverdig doodgemaak is, ter wille van ons en wat drie dae en drie nagte later uit die graf opgestaan het, net soos Hy voorspel het. Paulus se oë is oopgemaak vir die feit dat dit alles voorspel was in die profesieë wat hy sy lewe lank bestudeer het. Hy het ook besef dat al sy pyn in die prediking van Christus tevergeefs sou wees as daar nie 'n opstanding tot die ewige lewe is nie: “As ek in Éfese op menslike wyse met wilde diere geveg het, watter voordeel was dit vir my? As die dode nie opgewek word nie, laat ons dan eet en drink, want môre sterf ons!” (1 Korinthiërs 15:32).

Een van vele

Paulus was nie die enigste een wat van mening oor Jesus

Christus verander het nie. Daar word aan ons vertel dat Jesus se eie broers nie in Hom geglo het nie (Johannes 7:5) totdat hulle Hom weer lewend gesien het na 'n wrede Romeinse kruisiging. Die opstanding was voorwaar 'n gebeurtenis wat aandag getrek het! Ten minste twee van sy broers het voortgegaan om aan die wêreld te verkondig dat Jesus inderdaad gesterf het en weer lewendig geword het.

Sy eie dissipels het gevlug toe Hy in hegtenis geneem is, maar hulle het martelaars geword omdat hulle verklaar het dat Jesus leef. Sowel die wêreldse geskiedenis asook die Bybel dui aan dat almal, behalwe die apostel Johannes, 'n marteldood gesterf het. Dink daaraan: Mense sal sterf vir 'n saak waarin hulle glo, selfs verkeerdelik, maar sal hulle sterf vir wat hulle weet 'n leuen is? Nee – hierdie manne het die kruisiging gesien, hulle het geweet dat Jesus se liggaam vir drie dae en drie nagte in die graf was en hulle het Hom lewend gesien! Selfs hulle het egter eers gesukkel om te glo wat hulle sien (Lukas 24:36-41). Thomas het reguit verklaar: “As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie” (Johannes 20:25). Die werklikheid van die opstanding het eers deurgedring toe hulle met Hom gesels en selfs saam met Hom geëet het! Hulle het dit nie net “geglo” nie – hulle het *geweet* dat Jesus uit

die dood opgewek was. Hulle het dit met vrymoedigheid verkondig!

Dit was egter nie net Paulus, die broers van Jesus en die oorspronklike Apostels wat die opgestane Jesus gesien het nie. Soos Paulus skryf:

“Want in die eerste plek het ek aan julle oor-gelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is volgens die Skrifte; en dat Hy aan Céfás verskyn het; daarna aan die twaalf. Daarna het Hy verskyn aan oor die vyfhonderd broeders tegelyk, waarvan die meeste nou nog lewe, maar sommige al ontslaap het. Daarna het Hy verskyn aan Jakobus; daarna aan al die apostels; en laaste van almal het Hy verskyn ook aan my as die ontydig geborene” (1 Korinthiërs 15:3-8).

Dit is geskryf toe “die grootste deel” van die “vyfhonderd broeders” nog geleef het en hierdie bewering kon bevestig of verwerp het! Dink daaraan! Hoe geloofwaardig en blywend sou hierdie Geskifte wees as die mense van daardie tyd nie oortuig was nie?

Sommige mense argumen-

Vervolg op bladsy 26

Nuwe gode, nuwe sondes

Deur Wallace G. Smith

Die antieke, heidense “gode” van weleer is vervang maar dit waarmee hulle vervang is, is glad nie beter nie.

Die heidense tempels van baie valse gode uit die verlede mag dalk besig wees om tot stof te keer, maar die moderne mens is nie minder “kreatief” as sy heidense voorvaders nie. Welkom in 'n wêreld van “nuwe gode” en daarmee saam nuwe leerstellings, nuwe eise én nuwe sondes.

Baie mense glo dat die tydperk van godsdiens en bygeloof verby is – dat die mensdom uiteindelik daarvan wegbeweeg het om sondes te veroordeel, gebooi te gehoorsaam en gode te aanbid. Hulle misgis hulle egter.

Ons “wêreldse” wêreld is in werklikheid 'n wêreld van “nuwe gode” en “nuwe sondes”. Dit mag dalk vreemd klink om van “nuwe gode” te praat, maar moenie verkeerd verstaan nie – wat Jesus Christus 2,000 jaar gelede aan Sy dissipels gesê het, is vandag nog waar: “En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het” (Johannes 17:3). Hoe meer ons die wêreld rondom ons ondersoek, hoe meer sien ons 'n wildernis van “nuwe godsdiens” wat soos onkruid opskiet.

Dit is nie die tradisionele godsdiens van die verlede wat gefokus het op die antieke gode van byvoorbeeld die Griekse, Egiptiese of Noorse mitologie nie. Hulle volgelingen is egter net so passievol soos daardie antieke heidene sekerlik was en hulle was net so toegewy aan hulle gode. Hierdie moderne “gode” word weerspieël in die woorde wat God deur die profeet

Eségiël gespreek het in Sy veroordeling van antieke Israel – 'n veroordeling wat vandag nog geld. Eségiël skryf: “Toe het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Mensekind, hierdie manne het hulle dregode in hulle hart opgeneem en die struikelblok tot hulle onge-regtigheid voor hulle aangesig neergesit...” (Eségiël 14:2-3).

Dit is maklik om afgode bloot as standbeelde van klip of goud te beskou – of selfs as graverings, ikone en ander kunswerke. Sulke beelde oortree sekerlik dikwels die tweede van die Tien Gebooi. Tog openbaar God hier dat aanbidding van gode *baie verder* strek as items wat ons met ons hande skep. Die mens is veral bedrewe om afgode in sy *hart* te skep – valse gode waaraan hy hom getrou toewy, deur sy gedagtes, sy optrede, sy sedes en sy gewete.

Vandag leef ons boonop in 'n virtuele *godewêreld* van afgode van die hart, wat politieke filosofieë, sosiale sake, kwesies rondom identiteit en nuwe wêreldbeskouings insluit. Die wêreld rondom ons bevorder 'n toenemende versameling van “nuwe gode” en eis dat alle “verstandige mense” met die lyste van verligte “nuwe

leerstellings” en “nuwe sondes” saamstem en aanneem.

Nog erger, die priesters en volgelingen van hierdie “nuwe gode” is al hoe meer gereed om hulle geloof op die wêreld *af te dwing* en om diegene te *straf* wat nie wil saamwerk nie. In teenstelling met Bybelse Christendom wat van die begin af mense se harte en gedagtes wou wen deur middel van betroubare woorde en goeie voorbeelde, is die aanhangers van hierdie “nuwe gode” bereid om geweld te gebruik om hulle nuwe gelowe te versprei deur ondersoek en “heksejagte” te doen of wat ook al nodig mag wees om bekentenis of instemming met geweld af te dwing.

Ongeag die hofsaal, die wetgewer, die markte of die media, probeer die getroue aanhangers van hierdie “nuwe gode” om elkeen te straf wat dit durf waag om die geloof waaraan hulle hulself toegewy het, teen te staan. Kom ons kyk na sommige van die mensgemaakte filosofieë, wêreldbeskouings en denkwyses wat tot die status van “godheid” in die samelewing van vandag verhef is.

“Die alleswetende wetenskap”

Spreuke 25:2 sê vir ons: “Dit is

die eer van God om 'n saak te verberg, maar die eer van konings om 'n saak na te speur" en wetenskaplike praktyke is een van die beste voorbeelde daarvan om 'n saak te ondersoek. Vooruitgang wat deur die wetenskaplike metode teweeg gebring is, het ons lewens aansienlik verbeter en het baie bronne van menslike siektes, ongerief en nood aangespreek. Ons het sommige van die heelal se geheime te wete gekom en ons begrip van ons wêreld is ryker as gevolg daarvan.

Tog is die wetenskap nie God nie. Dit leer ons nie wat reg en wat verkeerd is nie. Die teorieë en eksperimente waardeur die geheime van die subatomiese wêreld geopenbaar is, het ons ook in staat gestel om die kernwapens te bou wat Hiroshima en Nagasaki in 1945 verwoes en honderde duisende mense doodgemaak het.

Namate mense God uit die beskawing skop, moet iets Sy plek inneem en diegene wat nie die beperkings van die wetenskap verstaan nie of nie omgee nie – plaas dit op 'n voetstuk en verklaar dit as een van die “nuwe gode”. Soos enige ander godsdiens, het hierdie godsdiens wat deur sy aanbidders geskep is, sy oortuigings, leerstellings en sondes. In die naam van hulle god probeer mense argumente wen deur te beweer dat hulle “wetenskap” aan hulle kant het – ongeag ander wetenskaplike studies wat die teenoorgestelde argumente ondersteun.

Wetenskaplikes word behandel soos priesters wat die

Woord van God oordra en sommige van hulle menings word as die heilige waarheid beskou, sodat diegene wat dit waag om te *verskil*, as kettters beskou word wat “op die brandstapel verbrand” behoort te word – *selfs ander wetenskaplikes met bewyse wat 'n ander mening ondersteun*.

Klink dit kras? Werklike lewenservaring getuig van iets anders. *FreeScience.today* bevat 'n lys van die name van verskeie wetenskaplikes wat in wese verban is omdat hulle bereid is om van die leerstelling van evolusie te verskil. Hulle het hulle posisies en werk verloor, is deur hulle departemente ondersoek en hulle kursusse is gekanselleer. In een geval, dié van die bioloog dr. Richard Sternberg, het die Amerikaanse Spesiale Raadskantoor in sy ondersoek tot die gevolgtrekking gekom: “Dit is ... duidelik dat 'n vyandige werksomgewing geskep is met die uiteindelijke doel om u uit die SI [die *Smithsonian Institute*] te dwing” (“Richard Sternberg”, *FreeScience.today*) – alles omdat hy toegelaat het dat 'n portuur-beoordeelde referaat, wat nie bewyse van intelligente ontwerp verwerp het nie, in 'n wetenskaplike tydskrif gepubliseer word.

Wanneer die wetenskap tot die status van 'n god verhef word, is selfs 'n sweempie van meningsverskil met evolusie net kettery en kettters word nie geduld nie.

“Die alles-vernietigende klimaatsverandering”

Laat ons dit duidelik maak: Dit is sinvol om goeie rentmeesters van die aarde te wees. Die mens is nie vir die aarde gemaak nie, maar die aarde is vir die mens gemaak en dit is sinvol om ons hulpbronne met wysheid te bestuur. God verwag van ons om goeie rentmeesters van die planeet te wees (Génesis 2:15). Ons by die *Wêreld van Môre* wil nie argumenteer of die wêreld se klimaat besig is om te verander nie en indien dit wel so is of die mensdom die hooforsaak van die verandering is of nie.

Daardie debatte is nie ter sake nie, want sodra klimaatsverandering tot die status van 'n “godheid” verhef is, word alle besprekings uit verband geruk. Die hoogste goed word die aanvaarding van “goddelike leerstellings” van klimaatsverandering te aanvaar en morele goed en kwaad word bepaal deur niks meer as die beginsel van omgewingsimpak, of dit nou geldig is of nie.

Om 'n nasie se produksievermoë, ekonomiese stelsels en sosiale strukture te vernietig met die doel om 'n *Green New Deal* te bewerkstellig en die omgewing te red, word as *geen probleem* beskou nie, want vir die “nuwe god” van klimaatsverandering is dit uiteindelik moreel goed om vir die aarde om te gee – of om ten minste *voor te gee asof 'n mens vir die aarde omgee*.

Die professor in politieke wetenskap, Michael Munger, het hierdie argument in 'n artikel van 2019 vir die *American Institute for Economic Research* gestel.

Nadat hy op 'n konferensie oor herwinning verduidelik het hoe die herwinning van glas eintlik *nadelig* vir die omgewing is – gegewe die besoedeling, die koolstofkoste, die uitgawes daaraan verbonde ensovoorts – het hy verontwaardiging van die deelnemers verwag, wat almal onverbiddelike herwinnaars was. Die antwoord het hom egter verras:

Een mede-lid was heeltemal reguit: “O, ons weet almal dat dit geen sin maak om glas te herwin nie. Die ekonomiese sy van die saak is eenvoudig. Mens behoort egter nog steeds te herwin, want dit is eenvoudig die regte ding om te doen. *Dit gaan in werklikheid nie oor die omgewing nie.* Dit gaan daarvoor om mense te werf om vir die *simbool* van die omgewing om te gee. In alle opsigte is herwinning steeds die moeite werd, ongeag die gevolge daarvan”.

'n Jong vrou het ook 'n bydrae gelewer: “Dit is in die haak om hierdie soort dinge hier te sê, want ons is in die binnekring. Dit is egter beter om nie met die algemene publiek oor die ekonomiese sy daarvan te praat nie. Dit is nodig dat ons help om hulle *op te lei* om vir die omgewing om te gee en her-

winning is een van die beste maniere om dit te doen”.

Die boodskap waaroor ek my bekommer het en verwag het dat dit kontroversieel sou wees, was ou nuus vir die mense binne die bedryf. Dit was egter nie ter sake nie, want herwinning was vir hulle 'n *morele* noodsaaklikheid. Sodra 'n mens begin dink aan herwinning as 'n simbool van *godsdienstige toewyding* eerder as 'n eiewyse oplossing vir omgewingsprobleme, raak die saak meer sinvol (“*For most Things, Recycling Harms the Environment*”, klem bygevoeg).

Om vegetaries te raak omdat 'n mens bekommerd is oor die impak van die veebedryf op aardverwarming of om te besluit om nie kinders te hê nie, met die doel om die mensdom se “koolstofvoetspoor” te verminder – sulke stappe word beskou as klein opofferings om te voldoen aan die eise van die “nuwe god” van klimaatsverandering. Indien u dus 'n biefburger eet, 'n groot gesin het of as u nie die koeldrankbottel herwin nie, wees gereed om as 'n “sondaar” bestempel te word.

“Die alles-bevrydende seksualiteit”

Die Bybelse model vir seks is eenvoudig: Die mensdom is

manlik en vroulik geskape, wat biologies voor die hand liggend is. Elkeen is vir die ander een geskep, sodat wanneer die man en vrou besluit om hulle aan mekaar te verbind in 'n huwelik soos dit deur God ontwerp is, raak die voordele van die huwelik beskikbaar – met inbegrip van seksuele intimiteit en kinders wat daaruit voort-spruit.

Daarteenoor bepaal die “nuwe god” van seksuele wetteloosheid dat seksualiteit nie gebonde is aan enige reëls, beperkings of natuurlike wette nie. Hierdie “nuwe god” verkondig 'n lang en gedetailleerde lys van sondes, maar dit kan redelik eenvoudig saamgevat word: Enigiemand wat in Bybelse konsepte van geslag, seksualiteit of die huwelik glo, is op sy beste preuts en in die slegste geval 'n dweper. Bybelse standaarde word deur aanbidders van seksuele wetteloosheid as gans te beperkend beskou.

Soos die woord “wetteloosheid” impliseer, is *enigiets* toelaatbaar. Seks is nie meer tot die huwelik beperk nie en “huwelik” is opnuut gedefinieer om individuele reëlings in te sluit, ongeag die getal of geslag. In werklikheid is selfs *geslag* geherdefinieer – nie meer net manlik of vroulik nie, maar nou “bevry” om heen en weer oor 'n spektrum van moontlikhede te beweeg – 'n spektrum sonder reëls, beperkings of grense.

Soos antieke Molog, eis hierdie “nuwe god” van seksuele wetteloosheid kinders se lewens as offer. Mense wat nie oud

genoeg is om te stem, alkohol te drink of 'n motor te bestuur nie, word al hoe meer dinge toegelaat – selfs aangemoedig – om fundamentele en ingrypende geslagsbesluite te neem wat hulle lewens permanent kan verander.

Ten minste het enkele howe sommige van die probleme hiermee erken. Op 1 Desember 2020 het *BBC News* oor 'n saak berig wat teen die Britse nasionale gesondheidsdiens aanhangig gemaak is deur 'n jong vrou wat as tiener, hormoonblokkers voorgeskryf was om haar puberteit onomkeerbaar te help voorkom, in ooreenstemming met haar destydse begeerte om 'n man te wees. Sy en haar mede-eisers het die saak gewen en aangevoer dat kinders eenvoudig nie oor die vermoë beskik om sulke besluite te neem nie. In die woorde van een van die regters: “Dit is hoogs onwaarskynlik dat 'n kind van 13 jaar of jonger bevoeg kan wees om toestemming te gee vir die toediening van puberteitsblokkers. Dit is te betwyfel dat 'n kind van 14 of 15 jaar die langtermynrisiko's en gevolge van die toediening van puberteitsblokkers sou kon verstaan en teen mekaar sou kon opweeg” (*“Puberty blockers: Under 16s 'unlikely to be able to give informed consent’”*).

Moet egter nie verwag dat die ware gelowiges van seksuele wetteloosheid hulle geloof sal prysgee na een klein terugslag nie. Hulle sal voortgaan om diegene te soek en te straf wat

glo dat Bybelse seksualiteit en moraliteit die *beste vir die samelewing* is en daar sal steeds opofferings gemaak word namate hulle met hulle geloof voortgaan.

Trouens, die geloof in die “nuwe god” van seksuele wetteloosheid is slegs een sekte in 'n aantal “nuwe godsdienste” wat onder 'n breër “nuwe god” val – soos Zeus oor die gode van antieke Griekeland was en Jupiter oor die gode van die Romeine.

“Die allesvernietigende maatskaplike verandering”

Die “nuwe god” van maatskaplike verandering het 'n spesiale krag – dit stel homself in die beeld van die aanbieder. Indien u glo dat seksuele en geslagnorme die “groot Satan” is wat verhoed dat die samelewing vooruit gaan, skaar die rewolusie hom by u. Indien u glo dat die wêreld nie veilig sal wees voordat die rol van die vader as hoof van die huis vernietig is nie, is die “nuwe god” van maatskaplike verandering gereed om u saak te seën. Indien u glo dat kapitalisme die *eintlike* ondergang van die samelewing is, is die rewolusie gereed met plakate, tekens en selfs Molotovpetrolbomme om u te help om druk uit te oefen vir die bevordering van sosialisme, kommunisme of selfs wetteloosheid, net soos u verkies. Indien u van mening is dat u kinders beoordeel word slegs op grond van hulle karakter eerder as hulle velkleur, is die god van

sosiale verandering gereed om u te bewapen deur middel van *Critical Race Theory* vir 'n geveg op sosiale media en onderrig in skole en werkplekke.

Alle “nuwe gode” bring “nuwe sondes” mee. Vir die god van maatskaplike omwenteling is die grootste sonde in toenemende mate *gedagtemisdaad* – 'n term direk gehaal uit die bladsye van George Orwell se boek, *1984*. Diegene wat anders dink as die aanhangers van maatskaplike verandering, word “afgeskryf” en in die openbaar verwerp. Universiteitsprofessore word gedreig met beëindiging van hulle ampstermyn. Gewilde skrywers soos J.K. Rowling word met boikotte gedreig. Selfs die media se supersterre vind dat hulle lewensbestaan bedreig word deur ontdekking van vorige twiets of kommentare op die media, wanneer ondersoekers elke openbare stelling ondersoek om te verseker dat openbare figure se denkwyses “suiwer” is. Soms kan individue deur boete-doening en deur heelwat openbare verskonings vergewe word en om dan getrouheid aan die *nuwe* geloof te verklaar – alhoewel hulle nog met agterdog bejeën word, selfs na slaafse “boete-doening”.

Hierdie “nuwe gode” en hulle volgelinge *duld* eenvoudig *nie* die “sonde” van “verkeerde” denke nie. In 'n sekere sin is hierdie “nuwe gode” meer soos die “ou gode” van antieke mitologie as wat dit aanvanklik mag lyk. Asof die verhale van die

Vervolg op bladsy 7

Vrae & Antwoorde

Behoort ons te probeer om ongelowiges te bekeer?

Vraag: Die eerste keer nadat ek begin het om die Ware God van die Bybel uit die *Tomorrow's World*-televisie-uitsendings, *Wêreld van Môre*-tydskrifte en boekies te leer ken, het ek gedink dat my familie, vriende en kollegas net so opgewonde sou wees oor die Waarheid soos ek – daarom was ek baie verbaas oor hoe negatief hulle reaksies was. Het ek iets verkeerd gedoen deur met hulle te deel wat ek geleer het?

Antwoord: U het miskien die fout gemaak wat mense dikwels maak sodra hulle die eerste keer die pragtige en opwindende Waarheid oor God se verlossingsplan vir die mensdom begryp. Wanneer u weet hoe wonderlik hierdie lewensveranderende kennis is, is dit natuurlik en reg om te wil hê dat ander mense in u vreugde sal deel – Christene behoort verseker nie hulle geloof “onder 'n maatemmer” weg te steek nie (Matthéüs 5:15). Die fundamentele manier vir Christene om hulle geloof met andere te deel, is egter om 'n voorbeeld van Christus deur hulle gedrag te stel (1 Petrus 2:21). Ja, ons moet gereed wees om “rekening te gee” aan enigiemand wat vra wat die rede is vir die hoop wat in ons is (1 Petrus 3:15), maar selfs al vra mense ons nie uit oor die waarheid van God nie, sien hulle steeds hoe ons optree. Oor die algemeen, wanneer mense u persoonlike voorbeeld as 'n Christen sien en hulle die uitwerking wat ware Christenskap op u lewe het – sal hulle meer geneig wees om u te vra wat u glo.

Dit maak nie saak hoe opgewonde u terêg is oor wat God u leer nie, die krag van u woorde kan niemand in God se Kerk inbring nie. Die Skrif maak dit duidelik dat dit 'n roeping van die Vader is – nie die opgewondenheid van 'n vriend of familielid nie – wat iemand in staat stel om te verstaan wat God geopenbaar het. Onthou dat, volgens Jesus Christus Self: “Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag. Dit is geskrywe in die profete: En hulle sal almal deur God geleer wees. Elkeen dan wat dit van die Vader gehoor en geleer het, kom na My toe” (Johannes 6:44-45).

Slegs God besluit wie Hy sal roep en ons weet uit Sy Woord dat Hy slegs 'n relatief klein handjievol “eersteling” in hierdie huidige tydperk roep – diegene wat aan die eerste opstanding sal deel hê by die Wederkoms van Jesus Christus (Openbaring 20:4-6). Let op: “En Henog, die sewende van Adam af, het ook teen hulle

geprofeteer en gesê: Kyk, die Here het gekom met sy heilige tienduisendtalle” (Judas 14). Alhoewel meer as twee miljard mense wat vandag leef bely dat hulle Christene is, is die werklike aantal ware Christene wat deur God geroep is, veel minder as dit.

Ons weet egter dat God uiteindelik elkeen wat ooit geleef het, die geleentheid sal gee om die Bybel te verstaan en die ewige lewe te ontvang. God belooft dat: “... die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die HERE soos die waters die seebodem oordek” (Hábakuk 2:14) en “hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie” (Jeremia 31:34).

Vir die meeste mense wat vandag die verkondiging van die Ware Evangelie hoor, is dit bloot 'n waarskuwende “getuigenis” van wat gaan kom (Matthéüs 24:14). Vir die groot aantal mense wat die Waarheid hoor, roep God in hierdie huidige tydperk slegs 'n “klein kuddetjie” (Lukas 12:32). Die meeste mense bly verblind (2 Korinthiërs 4:3-4) en dit is deel van God se plan, want Hy weet dat hierdie mense nog nie gereed vir hulle roeping is nie. Inderdaad, om te probeer om die lig van die Waarheid in die verstand te laat skyn van iemand wat verblind is, sal dikwels net vervolging meebring vir diegene wat die lantern vashou. “Verwonder julle nie, my broeders, as die wêreld julle haat nie” (1 Johannes 3:13).

Terwyl u dit alles weet, laat u Christelike dade vir u spreek. Indien iemand u uitvra oor u geloof, vertel gerus wat dit is wat u gehelp het om te leer en te groei, maar moenie dink dat u God se Waarheid op enigiemand rondom u kan afdwing nie. Bid dat God met diegene sal werk vir wie u liefhet, maar vertrou dat Hy en Hy alleen weet wanneer dit die tyd vir hulle roeping sal wees. **WvM**

Behoort u dalk u “eie Bybel te maak?”

Deur Bryan Fall

Het die stof wat op Bybels in die Verenigde State versamel het, dit vir altyd begrawe? Amerikaners “ondersoek toenemend hulle eie waarheid” en beweer dat hulle betekenis en belangrikheid “van binne” vind. Vir sommige mense het gister se lompe godsdiens sy eie onbuigsame vertakkings ontgroeï en dien nou net om moderne, humanistiese vooruitgang te beperk.

Alhoewel die meeste Christene beweer dat God die Bybel geïnspireer het, sal min mense ontken dat die “skryfwerk” deur mense gedoen is. Hoe kan ons verseker weet dat 'n onsigbare Gees daardie manne geïnspireer het?

'n Studie van Mei 2020, wat deur dr. George Barna van die Christelike Universiteit van Arizona uitgevoer is, word deur sommige mense gesien dat dit as 'n meer verligte Amerikaanse opinie beskou kan word. Vandag glo 58% van die Amerikaners dat daar individueel oor morele waarheid besluit kan word. 'n Verbasende 46% evangeliste verwerp absolute morele waarheid. In die studie is ook gevra waar Amerikaners waarheid vind: Minder as die helfte (42%) van hulle glo dat God die basis van Waarheid is, terwyl 16% nou op “innerlike sekerheid” vertrou, 15% gebruik wetenskaplike

bewyse, 5% vertrou op tradisie en 4% persent vind waarheid deur middel van openbare ooreenstemming. “Die oorblywende twee uit elke tien volwassenes het gesê dat daar nie iets soos waarheid bestaan nie (5%) of dat hulle nie die basis van waarheid ken nie (13%)” (“*A Nation Unmoored – CRC Study Shows Americans Reject Moral Truth Rooted in God’s Word*”).

Met die postmoderne mensdom wat die basis vorm van vandag se norm van waarheid, kan daar dalk nuwe heilige boeke wees? Hierdie idee het nie so vergesog gelyk vir Ralph Waldo Emerson, die vader van die Amerikaanse *transendentalisme* nie. Emerson, 'n voorstander van “innerlike goddelikheid”, het in 'n joernaalinskrywing van Julie 1836 aanbeveel: “Maak u eie Bybel. Kies en versamel al die woorde en sinne wat u al gelees het wat vir u soos die trompetgeskal uit Shakespear [sic], Seneca, Moses, Johannes en Paulus was”.

Die vleeslike verstand

Die menslike ras het sulke prestasies in tegnologie en ingenieurswese behaal soos die Skrif aandui: “... nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie” (Génesis 11:6). Ons

sukseste is egter in kontras met volslae mislukking op die gebied van verhoudings, harmonie, moraliteit, gesondheid en blywende vrede. Soos die Duitse filosoof Immanuel Kant aangedui het, kan ons menslike persepsie van die werklikheid nie sonder tekortkoming ooreenstem met die werklikheid self nie, omrede ons gebind is deur ons eie vyf sintuie. Die menslike oog, sonder hulp van mikroskoop of teleskoop, kan nie die wêreld van selle, mikrobies en amoebas of verre planete en sterre peil nie.

Kan ander aspekte van lewe verborge wees vir menslike harte en denke wat nie deur geopenbaarde Waarheid gesteun word nie?

Die Skrif sê beslis so: “... omdat wat die vlees [natuurlike, fisiese verstand] bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie” (Romeine 8:7). “Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word” (1 Korinthiërs 2:14). Kan selfs die mees briljante menslike verstand onkundig wees oor 'n hele wêreld wat nie deur fisiese sintuie waargeneem kan word

nie en alle geestelike waarhede as “dwaasheid” beskou?

Die humanistiese verstand stel vertrou in mens se eie ervaring. Het ú “innerlike sekerheid” u egter al ooit in die steek gelaat en was u al ooit verkeerd?

Indien u voel dat u nog nooit verkeerd was nie, is dit ook nie só ongewoon nie, soos ons uit *Psychology Today* kan aflei:

“Watter soort emosie is geneig om ons op 'n dwaalspoor te bring? Wel, een van die kragtigste is die behoefte om in beheer te voel. Talle sielkundige eksperimente het getoon dat hulpeloosheid in die aangesig van gevaar vir mense asook diere uiters spanningsvol is. Wanneer ons glo dat ons mag oor ons eindbestemming het, help dit om hierdie negatiewe ervaring te verlig, selfs wanneer daardie geloof ongegrond is. Vandaar die geweldige aantrekkingskrag van “betowerende denke” – die oortuiging dat 'n mens se gedagtes en private gebare op sigself die wêreld om ons kan beïnvloed” (*The Grandeur of Delusion*, 8 Maart 2013).

“Wat is waarheid?”

Byna 2,000 jaar gelede het 'n trotse Romein die vervolging van 'n ongewone Man gelei.

Hierdie Romein se wêreld was gevul met praktiese militêre en regeringsake. “Wat is waarheid?” het Pontius Pilatus gevra (Johannes 18:38). Die Man wat voor hom verskyn het, het gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie” (Johannes 14:6). Was hierdie Man 'n fiksie, 'n leuenaar, 'n misleide dwaas of God in die vlees en die Bron van die ewige Waarheid? Dit sal beslis die moeite werd wees om die antwoord aan uself te bewys.

Waarheid is 'n kernaspek van God se natuur. Daardie Waarheid sal die mensdom verlos (Johannes 8:32). Daar is net een manier om gered te word: Deur Jesus Christus, daardie Man wat voor Pilatus gestaan het (Handelinge 4:12).

Kortom, God se Woord is Waarheid (Johannes 17:17). Jesus Christus word ook die *Logos* genoem, wat vertaal kan word as *Woord* of *Woordvoerder* (Johannes 1:1). Die Bybel is nie sommer net deur enige mense geskryf nie, “maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek” (2 Petrus 1:21). Die hele Skrif is “deur God ingegee” (2 Timótheüs 3:16), wat beteken dat dit “deur God geasem” is. U sou God moes wees om 'n *ware* heilige boek te kan skryf wat *u eie* is. U sou die son, maan, sterre en al die biologiese lewe moes kon skep. U sou die toekoms met perfekte akkuraatheid moes kon voorspel. U sou konings moes kon vestig, nasies op hulle knieë bring en dooies

lewend kon maak.

Kan die Bybel misbruik word? Ja – daar is *baie* verkeerde benaderings tot die Skrif. Die dienaars van die duiwel hou hulle voor as dienaars van geregtigheid (2 Korinthiërs 11:13-15). Baie van hulle wat die Skrif aanhaal, verdraai en verwing dit “tot hul eie verderf” (2 Petrus 3:16). Het die wêreld se oorheersende vorms van Christendom bewys dat hulle beter is as die ander godsdienste wat bestaan? Klaarblyklik nie, aangesien twis, oorlog en lyding selfs die mees “Christelike” nasies teister. Bestel gerus 'n gratis eksemplaar van *Satan se Vervalste Christendom* of lees dit aanlyn by wvm.co.za om uit te vind waarom baie dinge wat as Christelik beskou word, glad nie Bybels is nie.

Lewend en kragtig

Waarheid is meer as 'n gevoel. Wanneer God die mens se verstand open, verstaan 'n mens dít wat voorheen nie verstaan kon word nie (Lukas 24:45). God se stem vloei uit die Heilige Skrif voort – lewendig en dinamies en kry dieper bete-kenis vir Christene namate hulle op God reageer en die lewe ervaar. “Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg en is 'n beoordelaar van die oor-legginge en gedagtes van die hart” (Hebreërs 4:12).

Dalk het Pontius Pilatus 'n front van selfvertroue en trots

voorgehou – of ten minste volgens die geskiedskrywer Eusébius – het hy uiteindelik tot sy eie skande selfdood gepleeg. Selfs die rykste en

magtigste individue is nie bestand teen twyfel wat in hulle harte en gedagtes opkom nie. Moenie die waarhede soos wat dit in die Bybel vervat is misloop

nie – gee die Bybel kans om te help. U kan begin deur 'n gratis eksemplaar van *Die Bybel: Feit of Fiksie?* aan te vra of u kan dit aanlyn lees by wvm.co.za. **WvM**

Die Bybel: Feit of fiksie?

Is die Bybel net 'n versameling mites en legendes of is dit die geïnspireerde Woord van God? Baie mense aanvaar dat moderne geleerdheid die Bybel ongeloofwaardig maak, maar die geskiedkundige feite – en die ontdekkings van argeologie – bevestig dat die inhoud daarvan eg is! Die Bybel sit die verlede met verstommende akkuraatheid uiteen en voorspel die toekoms soos geen ander boek nie!

Skryf in of skakel ons vandag nog om u eie kopie van hierdie uiters noodsaaklike boekie te bekom!

Vervolg vanaf bladsy 14 – Maria: Dame van alle nasies

net soos Hy Sy moeder Maria liefgehad het.

Die voorbeeld van Maria behoort nie bederf te word deur onskriftuurlike heidense idees van godin-aanbidding nie. Wanneer Maria uit die dood

opgewek word met die Wederkoms van Christus, saam met al die ander getroue Christene wat geleef en gesterf het, sal sy ontsteld wees oor die heidense verdraaiings wat die vervalste Christendom in haar naam be-

vorder het. Ware Christene kan en behoort egter die ware Maria se voorbeeld van liefde en trou aan haar Verlosser, Jesus Christus, te volg. **WvM**

Vervolg vanaf bladsy 18 – Die hoop wat bestaan vir die afgestorwenes

teer en beweer dat aangesien dit uit die Bybel self kom, dit dus 'n agterstevoor redenasie verteenwoordig – maar dink daaraan dat ons veel groter bewyse het vir die geldigheid van die Bybel as van enige ander antieke boek. Argeologie bewys telkens die skeptici as verkeerd en toon aan dat die Bybel 'n akkurate geskiedkundige verslag is. Daar is geskryf dat Paulus voor bekende landdroste, goewerneurs en konings getuig het. Hy het voor koning Agríppa II en sy suster Berníce getuig, asook vóór dit teenoor Agríppa se suster Drusilla. Baie dinge is ook uit ander bronne bekend oor hierdie individue, selfs dat Drusilla en

haar seun omgekom het tydens die uitbarsting van die berg Vesuvius in 79 n.C. wat Pompeji vernietig het.

Indien die boek Handeling nie geloofwaardig was toe Lukas dit geskryf het nie, sou dit vinnig sy geloofwaardigheid verloor het en dit geld ook vir die ander boeke van die Bybel. Terwyl Paulus deur Agríppa wie nouliks 'n morele man op enige front was, verhoor was, het Paulus gesê: “Want die koning, met wie ek ook vrymoediglik spreek, weet van hierdie dinge; want ek glo nie dat aan hom iets van hierdie dinge onbekend is nie, want dit het nie in 'n hoek gebeur nie” (Handeling 26:26). Agríppa het dit nie

betwis nie!

Kan ons werklik lewe na die dood hê? Die belangrikste Boek wat ooit geskryf is, sê ons kan en dit wys selfs na iemand wat uit Sy eie graf geloop het om te wys dat dit gedoen kan word.

Indien ons lewe aan die anderkant van die graf kan hê, wat moet ons doen om dit te verkry? Indien u meer te wete wil kom oor hierdie onderwerp en wat God van diegene verwag wat die grootste geskenk van alles sal ontvang, maak seker dat u 'n eksemplare van ons boekies aanvra, *Wat Gebeur Wanneer U Sterf?* en *Wat is 'n ware Christen?* of lees dit aanlyn by wvm.co.za.

WvM

Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik

lings lees, maar nie verstaan nie of weier om dit te glo?

Sommige jarelange lesers van hierdie publikasie weet wat die antwoord op daardie vraag is. Ons verstaan waarom die meeste mense – selfs baie gereelde lesers van hierdie tydskrif – “dit nie begryp nie”. Soos Jesus vir ons sê, geen menslike wese *kan* na Hom toe kom, tensy Sy Vader hulle verstand oopmaak en hulle na die Waarheid trek nie. Dit mag miskien skokkend klink, maar dit is wat Jesus gesê het en Hy het dit selfs herhaal om dit te beklemtoon: “Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie ... Om hierdie rede het ek vir julle gesê dat niemand na My toe kan kom as dit hom nie deur my Vader gegee is nie” (Johannes 6:44, 65).

Maak God u verstand oop?

Indien God u verstand oopmaak om hierdie dinge te verstaan en u wil meer te wete kom oor die toekomstige Koninkryk van God, nooi ons u om ons gratis publikasie, *Glo u die ware Evangelie?* aan te vra. Jammer om te sê, maar dit gaan *nie* daarvoor om op wolke in die hemel rond te sweef nie!

U mag dalk wonder waarom die *Wêreld van Môre* soveel tyd aan wêreldnuus en Bybelse profesieë spandeer. Besef u dat een kwart tot een derde van die Bybel uit profesie bestaan en dat die meeste van daardie profesieë betrekking het op, waarna verwys word as, die eindtyd. Dít is die huidige tyd tot en met die Wederkoms van Jesus Christus. Jarelange lesers van die *Wêreld van Môre* verstaan *waarom* Hy moet terugkeer. Die rede word in Mattheüs 24:21-22 gevind.

Dit behoort voor die hand liggend te wees vir almal wat sien wat besig is om in ons wêreld te gebeur stuur af op ernstige probleme. Alles is *nie* reg nie. Ja, daar was in die verlede baie moeilike tye, maar nog nooit 'n tyd met groter potensiaal vir totale uitwissing nie. Die Verenigde State is nie meer verenig nie. Inteendeel, dit is erg verdeeld

met feitlik geen vooruitsig van versoening nie, wat niks goed vir die VSA en ook vir die res van die wêreld voorspel nie. Die era van relatiewe stabiliteit na die Tweede Wêreldoorlog is besig om tot 'n einde te kom en die Bybel openbaar waarheen dit alles besig is om te lei.

Ons by die *Wêreld van Môre* sien hoe ons nasies besig is om op 'n ramp af te stuur. Ons wêreld is op die rand van 'n afgrond en daar is geen keer meer nie. Die einde is in sig en 'n ramp is ons voorland, tensy ons baie vinnig tot stilstand kom of rem aanslaan en omdraai.

Ons het geen illusies dat die meerderheid van mense nie na ons waarskuwing sal luister nie en nog minder dat hulle daarop sal ag slaan en reageer, maar ons is nietemin verplig om dit te gee. “Red die wat na die dood gesleep word, en die wat na die slagbank wankel, hou *hulle* tog terug! As jy sê: Kyk, ons het dit nie geweet nie! – sal Hy wat die harte toets, dit nie merk nie? En Hy wat let op jou siel, Hy kom dit te wete. En Hy vergeld die mens na sy werk” (Sprenke 24:11-12).

God het aan die profeet Eségiël gesê om 'n boodskap op te teken vir ander mense om aan die einde van hierdie tydperk te verkondig – selfs al sou daardie boodskap verwerp word (Eségiël 3:4-7). Diegene wat die boodskap verstaan en nalaat om die waarskuwing uit te basuin, sal aanspreeklik gehou word. Indien hulle egter die waarskuwing rig, selfs al word dit verwerp, sal hierdie wagte *nie* verantwoordelik gehou word vir die ramp nie (Eségiël 33:1-7).

Dit som in baie eenvoudige terme op waaroor die *Wêreld van Môre* alles gaan. Daarom vertel ons die Waarheid. Dit is ook waarom ons besef dat die boodskap wat ons verkondig ongewild is en meer ongewild sal raak namate die tyd verbygaan. Daar is tye in die lewe wanneer ons moet opstaan vir die waarheid, ongeag die koste. Soos die apostel Paulus tereg sê: “En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolgt word” (2 Timótheüs 3:12).

Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.

Onthou asseblief om in te skakel op
Tomorrow's World TV-program van
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,
kanaal 263 op DStv.

Die *Wêreld van Môre* is soos geen ander tydskrif van vandag nie omdat ons die duidelike Waarheid van Christus se boodskap verkondig, wat Hy vir ons gedoen het en hoe Sy plan vir die mensdom gaan uitwerk. Ons verkondig die slegte nuus sowel as die goeie nuus. Ons verkondig die Wederkoms van Jesus Christus wat oor die hele aarde sal regeer vanaf 'n troon in Jerusalem (Sagaría 14:4, 9). Ons verduidelik ook die doel van die lewe naamlik dat mense in die gesin van God

ingebore kan word tydens 'n opstanding tot die ewige lewe. Die *Wêreld van Môre*-tydskrif gee hoop aan 'n wêreld vol onrus wat vinnig besig is om hoop te *verloor*.

Die werklike vraag is nou, hoe sal *u* reageer?



Wêreld van Môre Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!
 Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God
 Privaatsak X 3016
 Harrismith, FS
 9880**

**of skakel : 058 622 1424
 en meld dat u navraag doen
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**